

D'BARIM

Deuteronomium – 5 Moshe

¹ Hierdie is die woorde wat Moshe vir die hele Jisra'el oorkant die Jardēn in die woestyn, in die Vlakte teenoor Suf, tussen Paran en Tofel en Laḅan en Ḥatsērot en Di-Zahaḅ, gesê het.

² Elf dae is die pad vanaf Ḥorēḅ na die berg Sēir tot by Kadēsh-Barnēa.

³ En in die veertigste jaar, in die elfde maand, op die eerste van die maand, het Moshe met die kinders van Jisra'el gepraat oor alles wat יהוה hom vir hulle beveel het,

⁴ nadat hy Siḥon, die koning van die Amorim, wat in Heshbon gewoon het, en Og, die koning van Bashan, wat in Ashtarot gewoon het, in Edreï verslaan het.

⁵ Aan die oorkant van die Jardēn in die land Moaḅ het Moshe onderneem om hierdie Tora te verklaar en gesê:

⁶ " יהוה ons Elohim het met ons by Ḥorēḅ gepraat en gesê: 'Julle het lank genoeg by hierdie berg gebly.

⁷ 'Draai om en pak op en gaan na die berge van die Amorim en na al sy naburige plekke. Die woestynvlakte, die berge en die laeveld en die Negeb^a en by die seekus, die land van die Kanaānim en Leḅanon, tot by die groot rivier, die Praatrivier.

⁸ 'Kyk, Ek gee die land aan julle oor. Gaan in en neem die land in besit wat יהוה aan julle vaders, aan Aḅraham, aan Jitshak en aan Jaäkoḅ, met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee en aan hulle saad na hulle.'

⁹ "En ek het met julle in daardie tyd gepraat en gesê: 'Ek kan julle nie alleen dra nie.

¹⁰ יהוה julle Elohim het julle vermeerder, en kyk, vandag is julle 'n menigte soos

die sterre van die hemel.

¹¹ יהוה, die Elohim van julle vaders, sal by julle byvoeg duisend maal soveel as wat julle is, en julle seën soos Hy aan julle gesê het!

¹² 'Hoe sou ek die moeilikheid en die las en die regsake van julle alleen kan dra?

¹³ 'Bring mans, wys en met begrip en bekend aan julle stamme, dat ek hulle as julle hoofde kan aanstel.'

¹⁴ "En julle het my geantwoord en gesê: 'Die woord wat u gesê het, is goed om te doen.'

¹⁵ "En ek het die hoofde van jul stamme, wyse mans en bekend, geneem en hulle as hoofde oor julle aangestel, leiers oor duisend en leiers oor honderd en leiers oor vyftig en leiers oor tien en opsigters in julle stamme.

¹⁶ "En ek het julle regters in daardie tyd beveel en gesê: 'Verhoor tussen jou broers en oordeel regverdig tussen 'n man en sy broer en die vreemdeling wat by hom is.

¹⁷ 'Moenie die persoon in die gereg in ag neem nie, julle moet klein sowel as groot aanhoor. Julle mag vir niemand wegdraai nie, want die gereg is die saak van Elohim. Maar die saak wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring, en ek sal dit verhoor.'

¹⁸ "En ek het julle in daardie tyd al die woorde beveel wat julle moet doen.

¹⁹ "Toe het ons van Ḥorēḅ af opgepak, en ons het deur daardie hele groot en vreeslike woestyn getrek, wat julle op pad na die berge van die Amorim gesien het, soos יהוה ons Elohim ons beveel het. En ons het tot by Kadēsh-Barnēa gekom.

²⁰ "En ek het vir julle gesê: 'Julle het tot by die berge van die Amorim gekom wat יהוה ons Elohim aan ons gee.

²¹ 'Kyk, יהוה jou Elohim het die land aan

^a Suidland, ook woestyn

D'BARIM 1

jou gegee. Trek op, neem dit in besit soos יהוה, die Elohim van jou vaders, jou gesê het. Moenie bang of verbouereerd wees nie.'

²² "En julle almal het na my toe aangekom en gesê: 'Laat ons manne voor ons uit stuur, dat hulle vir ons die land kan verken en aan ons woord kan bring oor die pad waarlangs ons moet optrek, en die stede waarby ons sal kom.'

²³ "En die saak was goed in my oë, sodat ek twaalf man uit julle, een man uit elke stam, geneem het.

²⁴ "En hulle het weggedraai en na die berge opgetrek en tot by die vallei Eshkol gekom en dit verken.

²⁵ "Hulle het van die vrugte van die land met hulle saamgeneem en dit na ons afgebring en aan ons verslag gegee en gesê: 'Die land wat יהוה ons Elohim aan ons sal gee, is goed.'

²⁶ "Maar julle wou nie optrek nie, en was opstandig teen die bevel van יהוה julle Elohim.

²⁷ "En julle het in jul tente gemurmureer en gesê: 'Omdat יהוה ons haat, het Hy ons uit die land van Mitsrajim gebring om ons in die hand van die Amorim oor te gee, dat hulle ons vernietig.'

²⁸ 'Waarheen moet ons optrek? Ons broers het ons hart laat versmelt deur te sê: "Dit is 'n volk groter en hoër van gestalte as ons, die stede is groot en tot aan die hemele versterk, en ons het daar ook die kinders van die Anakim gesien.'"'

²⁹ "En ek het vir julle gesê: 'Word nie verskrik en wees nie bevrees vir hulle nie.'

³⁰ יהוה julle Elohim wat voor jul uit trek, Hy sal vir julle stry net soos Hy voor julle oë met julle in Mitsrajim gedoen het

³¹ en in die woestyn, waar jy gesien het hoe יהוה jou Elohim jou gedra het soos 'n man sy seun dra, op die hele pad wat julle getrek het, totdat julle tot by hierdie plek gekom het.'

³² "Maar ondanks hierdie woord het julle nie יהוה julle Elohim vertrou nie,

³³ wat voor julle uit getrek het op die pad om vir julle 'n plek uit te soek om julle

kamp op te slaan, snags in die vuur om julle te laat sien op die pad waar julle langs moes trek, en bedags in die wolk.

³⁴ "En יהוה het die stem van julle woorde gehoor, en Hy het toornig geword en gesweer en gesê:

³⁵ 'Waarlik, geeneen van hierdie mans, hierdie bese geslag, sal die goeie land sien wat Ek met 'n eed beloof het om aan julle vaders te gee nie –

³⁶ behalwe Kalēb, die seun van Jafunne. Hy sal dit sien, en aan hom en sy kinders sal Ek die land gee waarop hy geloop het, omdat hy volhard het om יהוה te volg.'

³⁷ "En יהוה was toornig op my om julle ontwil, sodat Hy gesê het: 'Jy sal nie daar ingaan nie.'

³⁸ 'Jahoshua, die seun van Nun, wat voor jou staan, hy sal daar ingaan. Versterk hom, want hy sal Jisra'el dit laat erf.'

³⁹ "En julle kindertjies van wie julle gesê het: 'Hulle sal 'n buit word!' en julle kinders wat vandag van geen goed of kwaad weet nie, hulle sal daar ingaan. En aan hulle sal Ek dit gee, en hulle sal dit in besit neem.

⁴⁰ "Maar julle, draai om en trek weg na die woestyn op pad na die Rietsee.

⁴¹ "Toe het julle geantwoord en vir my gesê: 'Ons het teen יהוה gesondig. Ons self sal optrek en veg net soos יהוה ons Elohim ons beveel het.' En julle het elkeen sy oorlogswapens aangebond en was gereed om in die berge op te trek.

⁴² "En יהוה het vir my gesê: 'Sê vir hulle: Julle mag nie optrek en veg nie, want Ek is nie in julle midde nie, dat julle nie voor julle vyande verslaan word nie.'

⁴³ "En ek het met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie, en julle was opstandig teen die bevel van יהוה en het vermetel in die berge opgetrek.

⁴⁴ "Toe het die Amorim wat in daardie berge gewoon het, uitgetrek om julle te ontmoet en julle agtervolg soos die bye maak, en hulle het julle verstrooi van Sêir tot by Gorma.

⁴⁵ "En julle het teruggekom en voor יהוה

D'BARIM 2

geweën, maar יהוה het nie na julle stem geluister en julle geen gehoor gegee nie.

⁴⁶ "So het julle dan baie dae in Kaděš gebly, volgens die dae wat julle daar gebly het.

2 "Daarna het ons gedraai en weggetrek na die woestyn, op pad na die Rietsee, soos יהוה aan my gesê het, en ons het om die gebergte Sěir getrek, baie dae lank.

² "En יהוה het met my gepraat en gesê:

³ 'Julle het lank genoeg om hierdie berg getrek. Draai noordwaarts

⁴ en beveel die volk en sê: "Julle gaan deur die grondgebied van julle broers die kinders van Ēsaaw trek wat in Sěir woon, en hulle sal julle vrees. Wees op jou hoede.

⁵ "Moenie met hulle veg nie, want Ek sal julle nie van hulle land gee nie, selfs nie 'n voetbreedte, want Ek het aan Ēsaaw die berg Sěir as 'n besitting gegee.

⁶ "Voedsel moet julle van hulle vir geld koop, dat julle kan eet. En julle moet ook water van hulle vir geld koop, dat julle kan drink.

⁷ "Want יהוה jou Elohim het jou geseën in al die werk van jou hand. Hy ken jou trek deur hierdie groot woestyn. Nou veertig jaar lank was יהוה jou Elohim met jou, geen ding het jou ontbreek nie."

⁸ "En toe ons verder getrek het, weg van ons broers, die kinders van Ēsaaw wat in Sěir woon, weg van die pad deur die Vlakke, weg van Ēlat en Etsjon-Gaber, toe het ons weggedraai en verder getrek op pad na die woestyn van Moab.

⁹ "En יהוה het vir my gesê: 'Moenie Moab nie as vyand behandel en met hulle veg nie, want Ek sal jou niks van sy land as besitting gee nie, omdat Ek Ar aan die kinders van Lot as 'n besitting gegee het.'

¹⁰ (Die Ĕmim het tevore daarin gewoon, 'n volk groot en talryk en lank soos die Anakim.

¹¹ Hulle word ook as Rafaim gereken, soos die Anakim, maar die Moabim het hulle Ĕmim genoem.

¹² En die Ĥorim het tevore in Sěir gewoon, maar die kinders van Ēsaaw het hulle onteien en hulle voor hulle uit vernietig en in hulle plek gaan woon, net soos Jisra'ěl gedoen het met die land van sy besitting wat יהוה aan hulle gegee het.)

¹³ "Staan nou op en trek oor die spruit Zered.' Toe het ons oor die spruit Zered getrek.

¹⁴ "En die dae van ons trek van Kaděš-Barněa af totdat ons oor die spruit Zered gegaan het, was agt en dertig jaar – totdat die hele slag, die krygsmanne, uit die kamp omgekom het soos יהוה vir hulle gesweer het.

¹⁵ "En ook was die hand van יהוה teen hulle om hulle uit die kamp te vernietig totdat hulle omgekom het.

¹⁶ "En toe al die krygsmanne heeltemal tussen die volk uitgesteef het,

¹⁷ het יהוה met my gepraat en gesê:

¹⁸ 'Jy trek vandag oor die grens van Moab by Ar.

¹⁹ 'En wanneer jy in die nabyheid van die kinders van Ammon kom, moenie hulle as vyande behandel nie en teen hulle veg nie, want Ek sal jou niks van die kinders van Ammon se land as besitting gee nie, omdat Ek dit aan die kinders van Lot as besitting gegee het.'

²⁰ (Dit word ook as 'n land van Rafaim gereken. Rafaim het tevore daarin gewoon, en die Ammonim het hulle Zamzummim genoem –

²¹ 'n volk groot en talryk en lank soos die Anakim – maar יהוה het hulle voor hul vernietig, sodat hulle hul onteien en in hulle plek gaan woon het,

²² soos Hy in die geval van die kinders van Ēsaaw gedoen het wat in Sěir woon, voor wie Hy die Ĥorim vernietig het, sodat hulle hul onteien en in hulle plek gaan woon het tot vandag toe.

²³ En die Awim wat in dorpe tot by Aza gewoon het, die Kaftorim wat uit Kaftor afkomstig was, vernietig en in hulle plek gaan woon.)

²⁴ 'Staan op, breek op en trek deur die

D'BARIM 3

Arnonrivier. Kyk, Ek gee Siḥon, die koning van Ḥeshbon, die Amori, en sy land in jou hand. Begin om in besit te neem, en veg in oorlog teen hom.

²⁵ 'Vandag sal Ek begin om die skrik en die vrees vir jou op die volke onder die hele hemel te lê, sodat hulle, wanneer hulle die tyding oor jou hoor, voor jou sal sidder en bewe van angs.'

²⁶ 'Toe het ek boodskappers uit die woestyn Kedēmot na Siḥon, die koning van Ḥeshbon, gestuur met woorde van vrede om te sê:

²⁷ 'Laat my deur jou land gaan. Ek sal net padlangs trek, ek sal nie regs of links uitdraai nie.

²⁸ 'Voedsel moet jy my verkoop vir geld, dat ek kan eet, en water moet jy my gee vir geld, dat ek kan drink. Laat my net te voet deurtrek –

²⁹ soos die kinders van Ĕsaaw wat in Sēir woon, en die Moabim wat in Ar woon, met my gedoen het – totdat ek deur die Jardēn trek in die land wat יהוה ons Elohim aan ons sal gee.

³⁰ 'Maar Siḥon, die koning van Ḥeshbon, wou ons nie by hom laat deurtrek nie, want יהוה jou Elohim het sy gees verhard en sy hart versterk, dat Hy hom in jou hand kon gee soos dit vandag is.

³¹ 'En יהוה het vir my gesê: 'Kyk, Ek begin om Siḥon en sy land aan jou oor te gee. Begin om in besit te neem, om sy land in besit te neem.'

³² 'En Siḥon het teen ons uitgetrek, hy en sy hele volk, om te veg by Jahats.

³³ 'En יהוה ons Elohim het hom aan ons oorgegee, sodat ons hom en sy seuns en sy hele volk verslaan het.

³⁴ 'En ons het in daardie tyd al sy stede ingeneem en elke stad met die ban getref, mans en vrouens en kinders. Ons het niemand laat oorbly nie.

³⁵ 'Net die vee het ons vir ons geroof en die buit van die stede wat ons ingeneem het.

³⁶ 'Vanaf Aro'ēr wat aan die kant van die Arnonrivier lê, en die stad in die vallei, tot by Ġil'ad was daar vir ons geen stad on-

neembaar nie – יהוה ons Elohim het alles aan ons oorgegee.

³⁷ 'Net naby die land van die kinders van Ammon het jy nie gekom nie – die hele kant van die Jabbokrivier en die stede van die berge en alles wat יהוה ons Elohim verbied het.

3 'Daarna het ons weggedraai en op pad na Bashan opgetrek. En Og, die koning van Bashan, het uitgetrek ons te ontmoet, hy en sy hele volk, om te veg by Edréi.

² 'En יהוה het vir my gesê: 'Moenie hom vrees nie, want Ek gee hom en sy hele volk en sy land in jou hand. En jy moet met hom doen soos jy met Siḥon, die koning van die Amorim gedoen het, wat in Ḥeshbon gewoon het.'

³ 'En יהוה ons Elohim het ook Og, die koning van Bashan, en sy hele volk in ons hand gegee, sodat ons hom verslaan het, totdat daar van hom niemand oor was wat vrygeraak het nie.

⁴ 'En ons het in daardie tyd al sy stede ingeneem. Daar was geen stad wat ons nie van hulle afgeneem het nie: sestig stede, die hele landstreek Argob, die koninkryk van Og in Bashan.

⁵ 'Al hierdie stede was versterk met hoë mure, hekke en grendels, behalwe ʿn groot menigte onommuurde stede.

⁶ 'En ons het hulle met die ban getref soos ons met Siḥon, die koning van Ḥeshbon, gedoen het deur elke stad, mans, vrouens en kinders met die ban te tref.

⁷ 'Maar al die vee en die buit van die stede het ons vir ons geroof.

⁸ 'So het ons dan in daardie tyd die land uit die hand van die twee konings van die Amorim duskant die Jardēn geneem, van die Arnonrivier af tot by die berg Ḥermon ⁹ (die Tsidonim noem Ḥermon Sirjon, maar die Amorim noem dit Senir)

¹⁰ al die stede van die gelykveld en die hele Ġil'ad en die hele Bashan tot by Salga en Edréi, stede van die koninkryk van Og in Bashan.

¹¹ 'Want Og, die koning van Bashan, het

D'BARIM 4

alleen oorgebly van die Rafaim. Is sy ledekant, 'n ysterledekant, nie daar in Rabba van die kinders van Ammon nie? Nege el is sy lengte en vier el sy breedte, volgens die el van 'n man.

¹² "En hierdie land het ons in daardie tyd in besit geneem: vanaf Aro'ër, wat by die Arnonrivier lê, en die helfte van die bergte van Gīl'ad met die stede daarvan het ek aan die R'ubēnim en die Gādīm gegee.

¹³ "En die orige deel van Gīl'ad saam met die hele Bashan, die koninkryk van Og, het ek aan die halwe stam van Manashe gegee – die hele landstreek Argōb. Daardie hele Bashan word land van die Rafaim genoem.

¹⁴ "Jair, die seun van Manashe, het die hele landstreek Argōb tot by die grens van die Geshurim en die Maagatim gekry en dit, Bashan, na sy naam, Hāwot Jair genoem tot vandag toe.

¹⁵ "En aan Magir het ek Gīl'ad gegee.

¹⁶ "Maar aan die R'ubēnim en die Gādīm het ek vanaf Gīl'ad tot by die Arnonrivier gegee, die middel van die rivier, saam met sy oewerland, en tot by die Jabbokrivier, die grens van die kinders van Ammon,

¹⁷ en die Araḇa en die Jardēn, saam met sy grondgebied, vanaf Kinnéret tot by die See van die Araḇa, die Soutsee, onder aan die hange van Pisgā teen die ooste.

¹⁸ "En ek het in daardie tyd julle beveel en gesê: יהוה' julle Elohim het aan julle hierdie land gegee om dit in besit te neem. Julle moet gewapend voor jul broers, die kinders van Jisra'ël, oortrek – al die dapper manne.

¹⁹ "Net julle vrouens en julle kinders en julle vee – ek weet dat julle baie vee het – kan in julle stede bly wat ek aan julle gegee het,

²⁰ totdat יהוה' aan julle broers soos aan julle rus gee, en hulle ook die land in besit neem wat יהוה' julle Elohim aan hulle oorkant die Jardēn sal gee. Dan kan julle teruggaan elkeen na sy besitting wat ek aan julle gegee het.'

²¹ "En ek het Jahoshua in daardie tyd beveel en gesê: 'Jou oë het alles gesien wat יהוה' julle Elohim aan hierdie twee konings gedoen het. So sal יהוה' aan al die koninkryke doen waarheen jy oortrek.

²² 'Julle moet nie vir hulle bang wees nie, want dit is יהוה' julle Elohim wat vir julle stry.'

²³ "En ek het יהוה' in daardie tyd gesmeek en gesê:

²⁴ 'Meester, יהוה! U het begin om U die-naar U grootheid en U sterk hand te laat sien, want wie is ēl in die hemele en op die aarde wat sulke werke en sulke magtige daade soos U kan doen?

²⁵ 'Laat my tog oortrek en die mooi land sien wat oorkant die Jardēn lê, daardie goeie bergland en die Lebānon!'

²⁶ "Maar יהוה' het toornig op my geword om julle ontwil en my nie verhoor nie, maar יהוה' het vir my gesê: 'Dit is nou genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak praat nie.

²⁷ 'Klim op die top van Pisgā en slaan jou oë op na die weste en na die noorde en na die suide en na die ooste, en kyk met jou oë, want jy mag nie oor hierdie Jardēn gaan nie.

²⁸ 'Beveel Jahoshua, en versterk hom en bemoedig hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek, en hy sal hulle die land wat jy sal sien, laat erf.'

²⁹ "En ons het in die vallei teenoor Bēt-Peor gebly.

4 "En nou, luister Jisra'ël, na die wette en die regsreëlings wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat יהוה', die Elohim van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem.

² 'Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie,^b sodat julle die bevele van יהוה' julle Elohim mag bewaar, wat ek julle beveel.

³ 'Julle oë het gesien wat יהוה' by Baäl-Peor gedoen het, want יהוה' jou Elohim

^b 12:32; Mish 12:32

D'BARIM 4

het al die mans wat agter Baäl-Peor aan geloop het, tussen jou uit vernietig.

⁴ "Julle daarenteen wat יהוה julle Elohim aangehang het, lewe vandag nog almal.

⁵ "Kyk, ek het julle wette en regsreëlings geleer soos יהוה my Elohim my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem.

⁶ "En bewaar dit en doen dit, want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie wette sal hoor en sê: 'Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk!'

⁷ "Want watter groot nasie het elohim wat vir hulle so naby is soos יהוה ons Elohim so dikwels as ons Hom aanroep?

⁸ "En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige wette en regsreëlings het soos hierdie hele Tora wat ek vandag voor julle hou?

⁹ "Wees op jou hoede en bewaar jou lewe in besonder, dat jy die dinge wat jou oë gesien het nie vergeet nie, en dat hulle nie uit jou hart wyk al die dae van jou lewe nie. En jy moet dit aan jou kinders en jou kleinkinders bekend maak.

¹⁰ "Die dag wat jy voor יהוה jou Elohim by הורֵב gestaan het, toe יהוה aan my gesê het: 'Vergader die volk vir My, en Ek sal hulle My woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle kinders kan leer.'

¹¹ "En julle het nader gekom en onder aan die berg gaan gestaan, en die berg het met vuur gebrand tot in die middel van die hemel, met duisternis, wolke en wolkedonkerheid.

¹² "En יהוה het met julle uit die vuur gepraat. Julle het 'n stem van woorde gehoor, maar geen verskyning gesien nie – daar was net 'n stem.

¹³ "En Hy het Sy verbond aan julle verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die Tien Woorde, en dit op twee kliptafels geskryf.

¹⁴ "En יהוה het my in daardie tyd beveel om julle die wette en regsreëlings te leer, dat julle dit kan doen in die land waar-

heen julle oortrek om dit in besit te neem.

¹⁵ "Wees besonder op jul hoede – want julle het geen verskyning op die dag wat יהוה by הורֵב uit die vuur met julle gepraat het gesien nie –

¹⁶ sodat julle nie verderflik handel deurdat julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige beeld, maak nie – 'n afbeelding van man of vrou,

¹⁷ 'n afbeelding van enige dier wat op die aarde is, 'n afbeelding van enige gevleuelde voël wat in die lug vlieg,

¹⁸ 'n afbeelding van enigiets wat op die aarde kruip, 'n afbeelding van enige vis wat in die water onder die aarde is.

¹⁹ Dat jy ook nie jou oë na die hemel opslaan, en jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie – dinge wat יהוה jou Elohim aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.

²⁰ "Maar יהוה het julle geneem en julle uit die yster-smeltoond, uit Mitsrajim, gebring om Sy erfvolk te wees soos dit vandag is.

²¹ "En יהוה was toornig op my om julle ontwil, en Hy het gesweer dat ek nie oor die Jardēn sal gaan en nie in die goeie land wat יהוה jou Elohim jou as erfenis sal gee, sal kom nie.

²² "Want ek sal in hierdie land sterf, ek sal nie oor die Jardēn gaan nie, maar julle sal oorgaan en daardie goeie land in besit neem.

²³ "Wees op jul hoede dat julle die verbond van יהוה julle Elohim, wat Hy met julle gesluit het, nie vergeet en vir julle geen gesnede beeld maak nie – 'n gelykenis van enigiets wat יהוה jou Elohim jou verbied het.

²⁴ "Want יהוה jou Elohim is 'n verterende vuur, 'n jaloerse Ël.

²⁵ "Wanneer jy kinders en kleinkinders verwek en julle in die land sal oud word en verderflik handel deurdat julle 'n gesnede beeld maak, 'n gelykenis van enigiets, en doen wat verkeerd is in die oë

D'BARIM 4

van יהוה jou Elohim om Hom te tart,
²⁶ dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle dat julle verseker gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jardēn trek om dit in besit te neem. Julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar verseker vernietig word.

²⁷ "En יהוה sal julle tussen die volke verstrooi, en 'n klein klompie van julle sal tussen die nasies oorbly waarheen יהוה julle sal dryf.

²⁸ "En daar sal julle elohim dien, die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie eet en nie ruik nie.

²⁹ "Dan sal jy daarvandaan יהוה jou Elohim soek en vind indien jy Hom met jou hele hart^c en jou hele wese soek.

³⁰ "Wanneer jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na יהוה jou Elohim terugkeer en na Sy stem luister.

³¹ "Want יהוה jou Elohim is 'n barmhartige Elohim. Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie, en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle gesweer het, nie vergeet nie.

³² "Want doen tog ondersoek na die vorige dae wat voor jou was, van die dag af dat Elohim mense op die aarde geskep het, en van die een einde van die hemele tot by die ander einde van die hemele, of so iets groots gebeur het of so iets gehoor is.

³³ "Het 'n volk die stem van Elohim uit die vuur hoor praat, soos jy gehoor het, en bly lewe?

³⁴ "Of het Elohim probeer om vir Hom 'n nasie uit 'n ander nasie te gaan neem deur versoekinge, deur tekens en wonders en deur oorlog en deur 'n sterk hand en 'n uitgestrekte arm en deur groot skrikwekkende dade soos יהוה julle Elohim met julle voor jou oë in Mitsrajim gedoen het?

³⁵ "Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan

weet dat יהוה Elohim is. Daar is geen ander buiten Hom nie.

³⁶ "Uit die hemele het Hy jou Sy stem laat hoor om jou te onderrig, en op die aarde het Hy jou Sy groot vuur laat sien, en jy het Sy woorde uit die vuur gehoor.

³⁷ "En omdat Hy jou vaders liefgehad en hulle saad na hulle gekies het, en Hy self jou deur Sy groot krag uit Mitsrajim gelei het,

³⁸ om nasies groter en magtiger as jy voor jou uit te verdryf en jou in te bring om hulle land aan jou as erfenis te gee soos dit vandag is –

³⁹ daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat יהוה Elohim is, bo in die hemele en onder op die aarde. Daar is geen ander nie.

⁴⁰ "En jy moet Sy wette en Sy be vele bevaar wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan, en dat jy die dae mag verleng in die land wat יהוה jou Elohim jou vir altyd sal gee."

⁴¹ Toe het Moshe drie stede afgesonder oos van die Jardēn, teen sonop,

⁴² sodat hy wat doodgeslaan het, daarheen kon vlug, wat sy naaste sonder opset doodgeslaan het, terwyl hy hom van gister en eergister af nie gehaat het nie, sodat hy in een van hierdie stede kan vlug en bly lewe.

⁴³ Betser in die woestyn, in die landstreek van die gelykveld, vir die R'ubēnim, en Ramot in Gil'ad vir die Ġadim, en Golan in Bashan vir die Manashshim.

⁴⁴ En dit is die Tora wat Moshe voor die kinders van Jisra'el gehou het.

⁴⁵ Dit is die getuienisse en die wette en die be vele wat Moshe meegedeel het aan die kinders van Jisra'el met hulle uittoeg uit Mitsrajim,

⁴⁶ oos van die Jardēn, in die vallei teenoor Bēt-Peor, in die land van Siḥon, die koning van die Amorim, wat in Heshbon gewoon het, wat deur Moshe en die kinders van Jisra'el verslaan is met hulle uittoeg uit Mitsrajim.

⁴⁷ En hulle het sy land in besit geneem

^c Jir 29:13

D'BARIM 5

en die land van Og, die koning van Bashan, die twee konings van die Amorim oos van die Jardĕn, teen sonop, ⁴⁸ van Aro'ĕr af, wat aan die kant van die Arnonrivier lê, tot by die berg Sijon, dit is Hermon, ⁴⁹ en die hele Vlakte oos van die Jardĕn, teen sonop tot by die See van die Araba, onder die hange van Pišġa.

5 En Moshe het die hele Jisra'ĕl geroep en vir hulle gesê: "Hoor, Jisra'ĕl, die wette en die regsreelings wat ek vandag voor julle ore uitspreek. Julle moet dit leer en verseker om dit te doen.

² "ons Elohim het by הוֹרֵב 'n verbond met ons gesluit.

³ "het hierdie verbond nie met ons vaders gesluit nie, maar met ons self, ons wat almal vandag lewendig hier is.

⁴ "Van aangesig tot aangesig het יהוה op die berg uit die vuur met julle gepraat –

⁵ ek het in daardie tyd tussen יהוה en julle gestaan om aan julle die woord van יהוה bekend te maak, want julle was bang vir die vuur en het nie op die berg geklim nie – en Hy het gesê:

⁶ 'Ek is יהוה jou Elohim wat jou uit die land van Mitsrajim, uit die slawehuis, gebring het.

⁷ 'Jy mag geen ander elohim voor My hê nie.

⁸ 'Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

⁹ 'Jy mag jou nie voor hulle neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, יהוה, jou Elohim, is 'n jaloerse Ĕ wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat,

¹⁰ en Ek bewys guns aan duisende van die wat My liefhet en My bevele bewaar.

¹¹ 'Jy mag die Naam van יהוה jou Elohim nie vals gebruik^d nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam vals gebruik, nie onge-

^d kan ook vervals of ydelik wees.

straf laat bly nie.

¹² 'Bewaar die Sabbatdag, om dit af te sonder soos יהוה jou Elohim jou beveel het.

¹³ 'Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen,

¹⁴ maar die sewende dag is die Sabbat van יהוה jou Elohim. Jy mag géén werk doen nie – nie jy of jou seun of jou dogter, of jou dienaar of jou dienares, of jou os of jou donkie of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie, sodat jou dienaar en jou dienares kan rus soos jy.

¹⁵ 'En jy moet onthou dat jy in die land van Mitsrajim 'n slaaf was, en יהוה jou Elohim jou daarvandaan uitgebring het deur 'n sterk hand en 'n uitgestrekte arm. Daarom het יהוה jou Elohim jou beveel om die Sabbatdag te hou.

¹⁶ 'Respekteer jou vader en jou moeder soos יהוה jou Elohim jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat יהוה jou Elohim aan jou gee.

¹⁷ 'Jy mag nie vermoor nie.

¹⁸ 'En jy mag nie egbreek nie.

¹⁹ 'En jy mag nie steel nie.

²⁰ 'En jy mag geen valse getuienis teen jou naaste gee nie.

²¹ 'En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie, na sy landerye of sy dienaar of sy dienares, sy os of sy donkie of iets wat van jou naaste is nie.'

²² "Hierdie woorde het יהוה aan julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolke donkerheid met 'n groot stem gesê, en niks meer nie. En Hy het dit op twee kliptafels geskryf en dit aan my gegee.

²³ "En toe julle die stem uit die duisternis hoor, terwyl die berg met vuur brand, het julle na my toe aangekom, al die hoofde van julle stamme en julle oudstes,

²⁴ en gesê: 'Ky, יהוה ons Elohim het ons Sy glans en Sy grootheid laat sien, en ons het Sy stem uit die vuur gehoor. Vandag het ons gesien dat Elohim met die

D'BARIM 6

mens praat en hy bly lewe.

²⁵ 'Maar nou, waarom moet ons sterf? Want hierdie groot vuur sal ons verteer. Indien ons die stem van יהוה ons Elohim nog langer hoor, sal ons sterf.

²⁶ 'Want wie is daar van alle vlees wat die stem van die lewende Elohim uit die vuur hoor praat het soos ons en bly lewe het?

²⁷ 'Gaan u nader en hoor alles wat יהוה ons Elohim sal sê, dan kan u ons alles vertel wat יהוה ons Elohim met u sal praat, en ons sal dit hoor en doen.'

²⁸ "En יהוה het die stem van julle woorde gehoor toe julle met my gepraat het, en יהוה het vir my gesê: 'Ek het die woorde van die stem van hierdie volk gehoor wat hulle met jou gepraat het. Dit is alles goed wat hulle geê het.

²⁹ 'Ag, het hulle maar so 'n hart gehad om My te vrees en al My bevele altyd te bewaar, dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan!

³⁰ 'Gaan sê vir hulle: "Gaan terug na julle tente toe."

³¹ 'Maar jy, bly hier by My staan, dat Ek jou kan vertel al die bevele en die wette en die regsreelings wat jy hulle moet leer, dat hulle dit kan doen in die land wat Ek hulle sal gee om in besit te neem.'

³² 'Verseker dat julle doen soos יהוה julle Elohim julle beveel het, julle mag nie regs of links afwyk nie.

³³ "In al die weë wat יהוה julle Elohim julle beveel het moet julle wandel, sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle die dae kan verleng in die land wat julle in besit sal neem.

6 "Dit is dan die bevel, die wette en die regsreelings wat יהוה julle Elohim beveel het om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem,

² dat jy יהוה jou Elohim kan vrees om al Sy wette en Sy bevele wat ek jou beveel, te bewaar – jy en jou kind en jou kleinkind al die dae van jou lewe, en dat jou dae verleng kan word.

³ "En hoor nou, Jisra'el, en verseker om dit te doen, dat dit met jou goed kan

gaan en dat julle baie kan vermeerder soos יהוה die Elohim van jou vaders jou beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

⁴ "Hoor, Jisra'el, יהוה ons Elohim, יהוה is een!

⁵ "Daarom moet jy יהוה jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele wese en met al jou krag.

⁶ "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees.

⁷ En jy moet dit by jou kinders inskerp en daarvoor praat wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is en wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan.

⁸ "En jy moet dit as 'n teken op jou hand bind, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees.

⁹ "En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou hekke skryf.

¹⁰ "En wanneer יהוה jou Elohim jou bring in die land wat Hy aan jou vaders, Abraham, Jitsħak en Jaakob, gesweer het om aan jou te gee – groot en mooi stede wat jy nie gebou het nie,

¹¹ en huise vol van allerhande goed wat jy nie gevul het nie, en uitgekapte reënbakke wat jy nie uitgekapt, wingerde en olyfbome wat jy nie geplant het nie – en jy eet en versadig word,

¹² wees op jou hoede dat jy יהוה nie vergeet wie jou uit die land van Mitsrajim, uit die slawehuis, gebring het nie.

¹³ "Jy moet יהוה jou Elohim vrees en Hom dien, en in Sy Naam moet jy sweer.

¹⁴ "Julle mag nie agter ander elohim aan loop uit die elohim van die volke wat rondom julle is nie,

¹⁵ want יהוה jou Elohim is 'n jaloerse Eł in jou midde, sodat die toorn van יהוה jou Elohim nie teen jou ontvlam en Hy jou van die aarde vernietig nie.

¹⁶ "Julle mag יהוה julle Elohim nie versoek soos julle Hom by Massa versoek het nie.

¹⁷ "Julle moet die bevele van יהוה julle Elohim en Sy getuïenisse en Sy wette wat Hy jou beveel het, ywerig bewaar.

¹⁸ En jy moet doen wat reg en goed is in

D'BARIM 7

die oë van יהוה, dat dit met jou goed kan gaan en jy kan inkom en in besit neem die goeie land wat יהוה aan jou vaders gesweer het,

¹⁹ terwyl Hy al jou vyande voor jou uit verjaag soos יהוה gesê het.

²⁰ "Wanneer jou seun jou later vra en sê: 'Wat beteken die getuiensisse en die wette en die regsreëlings wat יהוה ons Elohim julle beveel het?'

²¹ dan moet jy aan jou seun sê: 'Ons was slawe van Par'o in Mitsrajim, maar יהוה het ons deur 'n sterk hand uit Mitsrajim gebring.

²² 'En יהוה het tekens en wonders, groot en ergerlik, voor ons oë in Mitsrajim aan Par'o en sy hele huis, gedoen.

²³ 'En Hy het ons daarvandaan uitgebring om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders gesweer het.

²⁴ 'En יהוה het ons beveel om al hierdie wette te doen, om יהוה ons Elohim te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is.

²⁵ 'En dit sal geregtigheid vir ons wees wanneer ons verseker om al hierdie bevels voor יהוה ons Elohim te doen soos Hy ons beveel het.'

7 "Wanneer יהוה jou Elohim jou in die land bring waarheen jy gaan om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uit verjaag: die Hitim, Girgashim, Amorim, Kanaanim, Parisim, Hiwim en Jabusim, sewe nasies, meer en magtiger as jy.

² "En wanneer יהוה jou Elohim hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan moet jy hulle geheel en al met die ban tref. Jy mag geen verbond met hulle maak en hulle geen guns bewys nie.

³ "En jy mag nie met hulle ondertrou nie – jy gee nie jou dogter aan sy seun nie, en neem nie sy dogter nie vir jou seun nie,

⁴ want hy sal jou seun van My afvallig maak, sodat hulle ander elohim dien en die toorn van יהוה teen julle ontvlam en

Hy jou gou vernietig.

⁵ "Maar so moet julle met hulle doen: Julle moet hulle altare afbreek en hulle klippilare verbrysel en hulle Ashërim afkap en hulle gesnede beelde met vuur verbrand.

⁶ "Want jy is 'n afgesonderde volk aan יהוה jou Elohim. יהוה jou Elohim het jou gekies uit al die volke wat op die aarde is, om Sy besondere volk te wees.

⁷ "יהוה het nie Sy liefde op julle geplaas of julle gekies omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.

⁸ "Maar omdat יהוה julle liefgehad en die eed bewaar het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het יהוה julle met 'n sterk hand uitgebring en jou uit die slawehuis, uit die hand van Par'o, die koning van Mitsrajim, verlos.

⁹ "En jy moet weet dat יהוה jou Elohim, Hy is Elohim, die getroue Ël wat die verbond en die guns bewaar vir die wat Hom lief het en Sy bevels bewaar, in diuisend geslagte.

¹⁰ "Maar Hy vergeld aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, om hom te vernietig. Hy versuim nie met Sy hater nie, Hy vergeld hom persoonlik.

¹¹ "En jy moet die bevel en die wette en die regsreëlings wat ek jou vandag bevels bewaar om dit te doen.

¹² "En omdat julle na hierdie regsreëlings sal luister en dit bewaar en doen, sal יהוה jou Elohim vir jou die verbond en die guns bewaar wat Hy jou vaders gesweer het.

¹³ "En Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermeerder, en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders gesweer het om aan jou te gee.

¹⁴ "Geseënd sal jy wees bo al die volke. Daar sal by jou geen onvrugbare man of onvrugbare vrou wees nie, of tussen jou vee nie.

D'BARIM 8

¹⁵ "En יהוה sal elke siekte van jou weg-neem en nie al die slegte siektes van Mitsrajim wat jy ken, op jou lê nie, maar Hy sal dit op almal lê wat jou haat.

¹⁶ "En jy sal al die volke verteer wat יהוה jou Elohim aan jou oorgee. Jou oog mag hulle nie verskoon nie. En jy mag nie hulle elohim dien nie, want dit sal vir jou 'n strik wees.

¹⁷ "Wanneer jy in jou hart dink: 'Hierdie nasies is meer as ek, hoe sou ek hulle kan verdryf?'

¹⁸ moenie hulle vrees nie. Dink goed aan wat יהוה jou Elohim aan Par'o en die hele Mitsrajim gedoen het.

¹⁹ "Die groot versoekinge wat jou oë gesien het, en die tekens en die wonders en die sterk hand en die uitgestrekte arm waardeur יהוה jou Elohim jou uitgebring het. So sal יהוה jou Elohim doen aan al die volke vir wie jy vrees.

²⁰ "En יהוה jou Elohim sal ook die perde-by tussen hulle stuur totdat hulle wat oorgebly het en wat vir jou weggekruip het omkom.

²¹ "Moenie vir hulle skrik nie, want יהוה jou Elohim is in jou midde, 'n groot en gedugte Eï.

²² "En יהוה jou Elohim sal hierdie nasies bietjie vir bietjie voor jou uit verjaag. Jy mag hulle nie gou vernietig nie, sodat die wilde diere van die veld nie teen jou die oorhand kry nie.

²³ "Maar יהוה jou Elohim sal hulle aan jou oorgee en hulle in groot verwarring bring totdat hulle vernietig word.

²⁴ "En Hy sal hulle konings in jou hand gee, sodat jy hulle naam onder die hemel kan laat verdwyn. Niemand sal teen jou standhou totdat jy hulle vernietig het nie.

²⁵ "Die gesnede beelde van hulle elohim moet julle met vuur verbrand. Jy moenie die silwer en die goud wat daaraan is, begeer of vir jou neem nie, sodat jy nie daardeur verstrik raak nie, want dit is vir יהוה jou Elohim 'n gruwel.

²⁶ "En jy mag geen gruwel in jou huis neem nie, sodat jy nie net so vervloek word nie. Jy moet dit heeltemal verafsku

en dit geheel en al verag, want dit is vervloek.

8 "Verseker dat julle al die bevele wat ek jou vandag beveel, doen, dat julle mag lewe en vermeerder, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat יהוה aan julle vaders met 'n eed beloof het.

² "En jy moet dink aan die hele pad waarlangs יהוה jou Elohim jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou te verootmoedig en te beproef, om te weet wat in jou hart is, of jy Sy bevele sal bewaar of nie.

³ "En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat by die mond van יהוה uitgaan.

⁴ "Jou klere het nie aan jou verslyt en jou voet het nou veertig jaar lank nie geswel nie.

⁵ "En weet in jou hart dat יהוה jou Elohim jou tugtig soos 'n man sy seun tugtig,

⁶ en bewaar die bevele van יהוה jou Elohim om in Sy weë te wandel en Hom te vrees.

⁷ "Want יהוה jou Elohim bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en diep water wat in die valleie en op die berge uitvloei.

⁸ "n Land van koring en gars en wingerdstokke en vyebome en granate, 'n land van olyfolie en heuning.

⁹ "n Land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie. 'n Land waarvan die klippe yster is, en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap.

¹⁰ "En jy sal eet en versadig word en יהוה jou Elohim seën oor die goeie land wat Hy jou gegee het.

¹¹ "Wees verseker dat jy יהוה jou Elohim nie vergeet deur Sy bevele en Sy regsreëlings en Sy wette wat ek jou vandag beveel, nie bewaar nie,

¹² sodat jy nie miskien eet en versadig word en mooi huise bou en bewoon,

D'BARIM 9

¹³ en jou beeste en jou kleinvee vermeerder en jou silwer en goud vermeerder, en alles wat jy het, vermeerder –

¹⁴ en jou hart hom dan verhef, dat jy יהוה jou Elohim vergeet wat jou uit die land van Mitsrajim, uit die slawehuis, gebring het,

¹⁵ wat jou deur die groot en vreeslike woestyn gelei het, deur giftige slange en skerpioene en 'n dorsland sonder water, wat vir jou water uit die harde rots laat kom het,

¹⁶ wat jou in die woestyn manna laat eet het, wat jou vaders nie geken het nie, om jou te verootmoedig en jou te beproef, om uiteindelik aan jou goed te doen –

¹⁷ en jy in jou hart sê: 'My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verkry.'

¹⁸ "Maar dink aan יהוה jou Elohim, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verkry, dat Hy Sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders gesweer het, soos dit vandag is.

¹⁹ "Maar indien jy enigsins יהוה jou Elohim vergeet en agter ander elohim aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan getuig ek vandag aan julle dat julle verseker sal omkom,

²⁰ soos die nasies wat יהוה voor julle vernietig, so sal julle omkom, omdat julle nie na die stem van יהוה julle Elohim geluister het nie.

9 "Hoor, Jisra'ël, vandag jy trek deur die Jardēn om nasies in besit te gaan neem wat groter en sterker is as jy, stede wat groot en tot aan die hemele versterk is, ² 'n groot volk van hoë gestalte, die kinders van die Anakim, wat jy self ken en van wie jy hoor sê het: 'Wie kan standhou voor die kinders van Anak?'

³ "En weet vandag dat יהוה jou Elohim die Een is wat voor jou oortrek soos 'n verterende vuur. Hy sal hulle vernietig en hulle voor jou onderwerp, sodat jy hulle gou kan verdryf en tot niet maak soos יהוה jou beloof het.

⁴ "Moenie in jou hart, wanneer יהוה jou

Elohim hulle voor jou uit verjaag, sê: 'יהוה het my ter wille van my geregtigheid ingebring om hierdie land in besit te neem nie.' Maar weens die boosheid van hierdie nasies verdryf יהוה hulle voor jou uit.

⁵ "Jy kom nie in ter wille van jou geregtigheid en die opregtheid van jou hart om hulle land in besit te neem nie, maar weens die boosheid van hierdie nasies verdryf יהוה jou Elohim hulle voor jou uit, en om die woord te vervul wat יהוה vir jou vaders, Abraham, Jitsḥak en Jaakob, gesweer het.

⁶ "En weet dat יהוה jou Elohim nie ter wille van jou geregtigheid jou hierdie goeie land gee om dit in besit te neem nie, want jy is 'n hardnekkige volk.

⁷ "Onthou, moenie vergeet hoe jy יהוה jou Elohim in die woestyn vertoorn het nie. Vanaf die dag dat jy uit die land van Mitsrajim getrek het, totdat julle by hierdie plek gekom het, was julle opstandig teen יהוה.

⁸ "Ook by Horēb het julle יהוה vertoorn, sodat יהוה toornig was op julle om julle te vernietig.

⁹ "Toe ek op die berg geklim het om die kliptafels te ontvang, die tafels van die verbond wat יהוה met julle gesluit het, het ek veertig dae en veertig nagte lank op die berg gebly. Ek het nie brood geëet of water gedrink nie.

¹⁰ "En יהוה het my die twee kliptafels gegee geskrewen met die vinger van Elohim, en daarop al die woorde soos יהוה op die berg, uit die vuur, met julle gepraat het, op die dag van die vergadering.

¹¹ "En aan die einde van veertig dae en veertig nagte het יהוה die twee kliptafels vir my gegee, die tafels van die verbond,

¹² en יהוה het vir my gesê: 'Staan op, klim gou af van hier, want jou volk wat jy uit Mitsrajim gebring het, het verderflik gehandel. Hulle het gou weggedraai van die weg wat Ek hulle beveel het, hulle het vir hulle 'n gegote beeld gemaak.'

¹³ "En יהוה het met my gepraat en gesê: 'Ek het hierdie volk gesien, en kyk, dit is

D'BARIM 10

’n hardnekkige volk.

¹⁴ “Laat My staan dat Ek hulle vernietig en hulle naam onder die hemel uitdelg, en Ek sal jou ’n nasie maak wat magtiger is en meer as hulle.’

¹⁵ “En ek het omgedraai en van die berg afgeklim terwyl die berg met vuur gebrand het. En die twee tafels van die verbond was in my twee hande.

¹⁶ “En ek het gekyk en gesien dat julle teen יהוה julle Elohim gesondig het. Julle het vir julle ’n gegote kalf gemaak. Julle het gou weggedraai van die weg wat יהוה julle beveel het.

¹⁷ “En ek het die twee tafels gegryp en dit uit my twee hande gegooi en dit voor julle oë verbrysel.

¹⁸ “En ek het voor יהוה neergeval, soos die eerste keer, veertig dae en veertig nagte lank. Ek het nie brood geëet of water gedrink nie, weens al julle sonde wat julle begaan het deur te doen wat verkeerd is in die oë van יהוה om Hom te tart.

¹⁹ “Want ek was bang vir die toorn en die grimmigheid waarmee יהוה op julle so toornig was, dat Hy julle wou vernietig. Maar יהוה het my daardie keer ook verhoor.

²⁰ “En יהוה was baie toornig op Aharon, sodat Hy hom wou vernietig, maar ek het ook vir Aharon in daardie tyd gebid.

²¹ “En ek het julle sonde, die kalf wat julle gemaak het, geneem en dit met vuur verbrand en dit stukkend gestamp en baie gemaal totdat dit so fyn soos stof was. En daardie stof het ek in die stroom gegooi wat van die berg afkom.

²² “En by Tabĕra en by Massa en by Kibrot-Hattaāwa het julle elke keer יהוה vertoorn.

²³ “En toe יהוה julle uit Kadēsh-Barnĕa gestuur het met die woorde: ‘Trek op en neem die land in besit wat Ek julle gegee het’ – was julle opstandig teen die bevel van יהוה julle Elohim en het julle Hom nie geglo en na Sy stem geluister nie.

²⁴ “Julle was opstandig teen יהוה vanaf die dag dat ek julle ken.

²⁵ “En ek het voor יהוה neergeval vir veertig dae en veertig nagte, want ek het neergeval omdat יהוה gesê het dat Hy julle wou vernietig.

²⁶ “En ek het tot יהוה gebid en gesê: ‘Meester, יהוה, moenie U volk en U erfdeel wat U deur U grootheid verlos het, wat U uit Mitsrajim deur ’n sterk hand gebring het, vernietig nie.

²⁷ ‘Dink aan U dienaars Abraham, Jitshak en Jaakob. Moenie na die hardheid van hierdie volk kyk of na hulle boosheid en hulle sonde nie,

²⁸ sodat die land waar U ons uitgebring het, nie kan sê nie: “Omdat יהוה hulle nie in die land kon bring wat Hy hulle beloof het nie, en omdat Hy hulle haat, het Hy hulle uitgebring om hulle in die woestyn te laat sterf!”

²⁹ ‘En hulle is U volk en U erfdeel wat U deur U groot krag en U uitgestrekte arm uitgebring het.’

10 “In daardie tyd het יהוה vir my gesê: ‘Kap vir jou twee kliptafels soos die eerstes en klim op die berg na My toe. Maak vir jou ook ’n ark van hout.

² ‘En Ek sal op die tafels die woorde skryf wat op die eerste tafels was, wat jy verbrysel het. En jy moet dit in die ark sit.’

³ ‘En ek het ’n ark van akasiahout gemaak en twee kliptafels soos die eerstes gekap en op die berg geklim met die twee tafels in my hand.

⁴ ‘En Hy het op die tafels, volgens die eerste skrif, die Tien Woorde geskryf wat יהוה op die dag van die vergadering by die berg uit die vuur met julle gepraat het, en יהוה het dit aan my gegee.

⁵ ‘En ek het omgedraai en van die berg afgeklim en die tafels in die ark gesit wat ek gemaak het. En dit is daar, soos יהוה my beveel het.

⁶ ‘En die kinders van Jisra’el het van Bē’erot Benĕr-Jaakan weggetrek na Mo-sĕra toe. Aharon het daar gesterf, en daar is hy begrawe. En sy seun El’azar het in sy plek priester geword.

⁷ “Daarvandaan het hulle weggetrek na Ġudġoda, en van Ġudġoda na Jotbata, ’n

D'BARIM 11

land van waterstrome.

⁸ "In daardie tyd het יהוה die stam van Lëwi afgeskei om die verbondsark van יהוה te dra, om voor die יהוה in Sy diens te staan en in Sy Naam te seën tot vandag toe.

⁹ "Daarom het Lëwi geen deel of erfenis saam met sy broers nie. יהוה is sy erfdeel, soos יהוה jou Elohim hom beloof het.

¹⁰ "En ek het op die berg gebly soos die vorige dae, veertig dae en veertig nagte lank. En יהוה het my ook daardie keer verhoor, יהוה sou jou nie vernietig nie.

¹¹ "Maar יהוה het vir my gesê: 'Staan op, gaan om voor die volk uit verder te trek, dat hulle kan inkom en die land in besit neem wat Ek aan hulle vaders gesweer het om aan hulle te gee.'

¹² "En nou, Jisra'el, wat eis יהוה jou Elohim van jou as net om יהוה jou Elohim te vrees, in al Sy weë te wandel en Hom lief te hê en יהוה jou Elohim te dien met jou hele hart en met jou hele wese,

¹³ om die bevel van יהוה en Sy wette wat ek jou vandag beveel te bewaar, dat dit met jou goed kan gaan?

¹⁴ "Kyk, aan יהוה jou Elohim behoort die hemele, en die hemel van die hemele, die aarde en alles wat daarin is.

¹⁵ "Maar net in jou vaders het יהוה 'n vreugde gehad om hulle lief te hê. En Hy het julle, hulle saad na hulle, uit al die volke gekies,^e soos dit vandag is.

¹⁶ "Besny nou die voorhuid van julle hart^f en moenie julle nek verder verhard nie.

¹⁷ "Want יהוה julle Elohim is die Elohim van die elohim en Meester van die meesters. Die groot, magtige en gedugte El wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie.

¹⁸ "Wat reg verskaf aan die vaderlose en die weduwee, en die vreemdeling liefhet, sodat Hy hom brood en klere gee.

¹⁹ "En julle moet die vreemdeling liefhê,

want julle was vreemdelinge in die land van Mitsrajim.

²⁰ "Jy moet יהוה jou Elohim vrees, Hom moet jy dien en Hom moet jy aanhang en in Sy Naam sweer.

²¹ "Hy is jou lof, en Hy is jou Elohim wat hierdie groot en vreeslike dinge wat jou oë gesien het, aan jou gedoen het.

²² "Met sewentig wesens het jou vaders na Mitsrajim afgetrek, en nou het יהוה jou Elohim jou so talryk soos die sterre van die hemele gemaak.

11 "Daarom moet jy יהוה jou Elohim liefhê en altyd Sy diens, Sy wette sowel as Sy regsreëlings en Sy bevel bewaar.

² "En julle moet vandag weet dat ek nie met julle kinders praat wat die tugtiging van יהוה julle Elohim nie geken of gesien het nie: Sy grootheid, Sy sterk hand en Sy uitgestrekte arm,

³ en Sy tekens en Sy dade wat Hy in Mitsrajim gedoen het aan Par'o, die koning van Mitsrajim, en aan sy hele land,

⁴ en wat Hy aan die leër van Mitsrajim gedoen het, aan sy perde en aan sy strydwaens waaroor Hy die waters van die Rietsee laat oorstroom het toe hulle julle agtervolg het, sodat יהוה hulle vernietig het tot vandag toe.

⁵ "En wat Hy vir julle in die woestyn gedoen het tot julle aankoms op hierdie plek.

⁶ "En wat Hy aan Datan en Abiram, die seuns van Eljab, die seun van R'ubën, gedoen het – hoe die aarde sy mond oopgemaak en hulle saam met hul huisgesinne en hul tente en al die lewende wesens agter hulle aan, midde die hele Jisra'el verslind het.

⁷ "Maar julle eie oë het al die groot werke wat יהוה gedoen het gesien.

⁸ "En jy moet al die bevel wat ek jou vandag beveel bewaar, dat julle sterk kan wees en inkom en die land in besit neem waarheen julle oortrek om dit in besit te neem,

⁹ en dat julle die dae kan verleng in die land wat יהוה aan julle vaders gesweer het om aan hulle en hul saad te gee, 'n

^e 7:6; 14:2; Teh 135:4; Amos 3:2

^f Lees ook 30:6-8

D'BARIM 12

land wat oorloop van melk en heuning.

¹⁰ "Want die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, is nie soos die land van Mitsrajim waar julle uitgetrek het, wat jy met jou saad besaai en met jou voet, soos 'n groentetuin, natgelei het nie,

¹¹ maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink.

¹² "n Land waarvoor יהוה jou Elohim sorg. Die oë van יהוה jou Elohim is altyd-deur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar.

¹³ 'Indien julle dan goed luister na My bevele wat Ek julle vandag beveel, om יהוה julle Elohim lief te hê en Hom te dien met julle hele hart en met julle hele wese,

¹⁴ dan sal Ek die reën van julle land gee op die regte tyd, vroeë reëns en laat reëns, sodat jy jou koring en jou mos en jou olie kan insamel.

¹⁵ 'En Ek sal plante op jou veld gee vir jou vee, en jy sal eet en versadig word.

¹⁶ 'Wees op jul hoede dat julle hart nie verlei word nie, sodat julle afwyk en ander elohim dien en voor hulle neerbuig,

¹⁷ en die toorn van יהוה teen julle ontvlam en Hy die hemel toesluit, sodat daar geen reën is en die aarde sy opbrengs nie gee nie. En julle sal gou uit die goeie land vergaan wat יהוה julle gee.

¹⁸ 'En lê hierdie woorde van My weg in julle hart en in julle wese, en bind dit as 'n teken op julle hand en laat dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë wees,

¹⁹ en leer dit aan julle kinders deur daaroor te praat wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is en wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan,

²⁰ en skryf dit op die deurposte van jou huis en op jou hekke,

²¹ sodat julle dae en die dae van julle kinders in die land wat יהוה aan julle vaders gesweer het om aan hulle te gee, kan vermenigvuldig soos die dae van die hemele bo-oor die aarde.'

²² 'Want indien julle al hierdie bevele ywerig bewaar wat ek julle beveel, om dit te doen deur יהוה julle Elohim lief te hê, in al Sy weë te wandel en Hom aan te hang,

²³ dan sal יהוה al hierdie nasies voor julle uit verdryf, en julle sal groter en magtiger nasies as julle onteien.

²⁴ 'Elke plek waar julle voetsool op trap, sal aan julle behoort: van die woestyn en Lebanon, van die rivier, die P'raatrivier, tot by die Westelike See sal julle grondgebied wees.

²⁵ 'Niemand sal teen julle standhou nie. יהוה julle Elohim sal die skrik en vrees vir julle oor die hele land laat kom waarop julle sal loop, soos Hy julle beloop het.

²⁶ 'Kyk, vandag hou ek 'n seën en 'n vloek voor julle:

²⁷ die seën indien julle na die bevele van יהוה julle Elohim luister wat ek julle vandag beveel,

²⁸ en die vloek indien julle nie na die bevele van יהוה julle Elohim luister nie, maar wegdraai van die weg wat ek julle vandag beveel, om agter ander elohim aan te loop wat julle nie geken het nie.

²⁹ 'Wanneer יהוה jou Elohim jou dan in die land bring waarheen jy gaan om dit in besit te neem, moet jy die seën op die berg Gerizim lê en die vloek op die berg Ebal.

³⁰ 'Lê hulle nie oorkant die Jardēn, agter die pad in die weste, in die land van die Kanaani wat in die Vlake woon, teenoor Gīlōl, by die terpentynbome van Mōrēh nie?

³¹ 'Want julle trek deur die Jardēn om te gaan om die land in besit te neem wat יהוה julle Elohim aan julle sal gee, en julle sal dit in besit neem en daarin woon,

³² en verseker dat julle al die wette en die bevele wat ek vandag voor julle hou, doen.'

12 "Dit is die wette en die bevele wat julle moet bewaar om te doen in die land wat יהוה, die Elohim van jou vaders, jou gegee het om in besit te neem al die dae

D'BARIM 12

wat julle op die aarde leef.

² "Julle moet al die plekke totaal vernietig waar die nasies wat julle gaan verdryf, hulle elohim gedien het op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom.

³ "En julle moet hulle altare afbreek en hulle klippilare verbrysel en hulle Ashërim met vuur verbrand en die gesnede beelde van hulle elohim afkap en hulle naam van daardie plek laat verdwyn.

⁴ "Julle mag nie so met יהוה julle Elohim doen nie,

⁵ maar die plek wat יהוה julle Elohim uit al julle stamme sal kies om Sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy gaan.

⁶ "En daarheen moet julle jul brandoffers bring en julle slagoffers en julle tiendes en die gawe van julle hand en julle geloftes, en julle vrywillige offers en die eersgeborenes van julle beeste en van julle kleinvee.

⁷ "En daar moet julle voor יהוה julle Elohim eet en vrolik wees, julle en jul huisgesinne, oor alles waaraan julle jul hand slaan, waarin יהוה jou Elohim jou geseën het.

⁸ "Julle moet nie doen net soos ons vandag hier doen nie – elkeen wat reg is in sy eie oë.

⁹ "Want julle het nog nie in die rusplek gekom en in die erfenis wat יהוה jou Elohim jou sal gee nie.

¹⁰ "Maar julle sal deur die Jardë'n trek en woon in die land wat יהוה julle Elohim julle laat erf, en Hy sal julle rus gee van al julle vyande rondom, en julle sal veilig woon.

¹¹ "En julle moet na die plek wat יהוה julle Elohim sal kies om Sy Naam daar te laat woon, alles bring wat ek julle beveel: julle brandoffers en julle slagoffers, julle tiendes en die bydraes van julle hand en al jul beste gelofteoffers wat julle aan יהוה belowe.

¹² "En julle moet vrolik wees voor יהוה julle Elohim, julle en julle seuns en julle dogters en julle slawe en julle slavinne

en die Lëwi wat in julle poorte is, want hy het geen deel of erfenis saam met julle nie.

¹³ "Wees op jou hoede dat jy nie jou brandoffers laat opgaan op elke plek wat jy sien nie,

¹⁴ maar op die plek wat יהוה in een van jou stamme sal kies, daar moet jy jou brandoffers laat opgaan en daar alles doen wat ek jou beveel.

¹⁵ "Nietemin mag jy na die begeerte van jou hart slag en vleis eet volgens die seën van יהוה jou Elohim wat Hy jou in al jou poorte gee. Die onreine en die reine mag daarvan eet, soos van die gasel en die hert.

¹⁶ "Julle mag net nie die bloed eet nie. Jy moet dit soos water op die grond uitgooi.

¹⁷ "Jy mag nie die tiendes van jou koring en jou mos en jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en jou kleinvee en al jou gelofte-offers wat jy sal belowe, en jou vrywillige offers en die offergawe van jou hand, in jou poorte eet nie.

¹⁸ "Maar jy moet dit eet voor יהוה jou Elohim op die plek wat יהוה jou Elohim sal kies, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Lëwi wat in jou poorte is, en jy moet vrolik wees voor יהוה jou Elohim oor alles waaraan jy jou hand slaan.

¹⁹ "Wees op jou hoede dat jy die Lëwi nie aan sy lot oorlaat solank as jy in jou land lewe nie.

²⁰ "Wanneer יהוה jou Elohim jou grondgebied uitbrei, soos Hy jou beloof het, en jy sê: 'Ek wil vleis eet,' omdat jy lus het om vleis te eet, eet dan soveel vleis as wat jou wese begeer.

²¹ "Wanneer die plek wat יהוה jou Elohim sal kies om Sy Naam daar te vestig, ver van jou af is, dan mag jy van jou beeste en jou kleinvee slag wat יהוה jou gee, soos ek jou beveel het, en jy mag na die begeerte van jou hart in jou poorte eet.

²² "Maar soos die gasel en die hert geëet word, so moet jy dit eet, die onreine en die reine moet dit saam eet.

²³ "Wees net ferm dat jy die bloed nie eet

nie, want die bloed is die lewe, en jy mag die lewe nie saam met die vleis eet nie.

²⁴ "Jy mag dit nie eet nie. Jy moet dit op die grond uitgooi soos water.

²⁵ "Jy mag dit nie eet nie, dat dit met jou en jou kinders na jou goed kan gaan wanneer jy doen wat reg is in die oë van יהוה.

²⁶ "Net jou afgesonderde gawes wat jy het, en jou gelofteoffers moet jy neem en na die plek kom wat יהוה kies.

²⁷ "En jy moet jou brandoffers, die vleis en die bloed, berei op die altaar van יהוה jou Elohim, en die bloed van jou slagoffers moet teen die altaar van יהוה jou Elohim uitgegiet word, maar die vleis moet jy eet.

²⁸ "Bewaar en luister na al hierdie woorde wat ek jou beveel, dat dit met jou en jou kinders na jou goed kan gaan tot in ewigheid, wanneer jy doen wat goed en reg is in die oë van יהוה jou Elohim.

²⁹ "Wanneer יהוה jou Elohim die nasies waarna jy toe gaan om hulle te onteien, voor jou uitroei, en jy hulle verdryf en in hulle land woon,

³⁰ wees seker dat jy nie agter hulle aan verstrik word, nadat hulle voor jou uit vernietig is nie, en dat jy nie na hulle elohim vra en sê nie: 'Hoe het hierdie nasies hulle elohim gedien? – dan kan ek dit ook so doen.'

³¹ "Jy mag nie so met יהוה jou Elohim doen nie. Want alles wat vir יהוה 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle elohim gedoen. Want hulle verbrand selfs hulle seuns en hulle dogters met vuur vir hulle elohim.

³² "Alles wat ek julle beveel, dit moet julle verseker doen. Jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.^g

13 "Wanneer 'n profeet of 'n dromer van drome, tussen jou opstaan en jou 'n teken of wonder gee,

² en die teken of wonder kom uit wat hy jou vertel het en sê: 'Laat ons agter

ander elohim aan loop' – wat jy nie geken het nie – 'en hulle dien,'

³ dan moet jy nie na die woorde van daardie profeet luister of na daardie dromer van drome nie, want יהוה julle Elohim beproef julle om te weet of julle werklik יהוה julle Elohim liefhet met julle hele hart en met julle hele wese.

⁴ "Julle moet יהוה julle Elohim navolg en Hom vrees en Sy bevele bewaar en na Sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang.

⁵ "En daardie profeet of daardie dromer van drome, moet doodgemaak word, want hy het afvalligheid verkondig teen יהוה julle Elohim wat julle uit die land van Mitsrajim gelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te dryf van die weg wat יהוה jou Elohim jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde verwyder.

⁶ "Wanneer jou broer, die seun van jou moeder, of jou seun of dogter of die vrou van jou boesem, of jou vriend wat soos jou eie wese is, jou in die geheim uitlok en sê: 'Laat ons gaan en ander elohim dien' – wat jy en jou vaders nie geken het nie,

⁷ uit die elohim van die volke wat rondom julle is, naby jou of ver van jou af, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde –

⁸ moenie inwillig en na hom luister nie, jou oog mag hom ook nie verskoon nie, en jy mag jou nie ontfem en niks om sy ontwil wegsteek nie,

⁹ maar jy moet hom verseker doodmaak. Jou hand moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, en daarna die hand van die hele volk.

¹⁰ "En jy moet hom stenig met klippe, dat hy sterf, want hy het probeer om jou weg te dryf van יהוה jou Elohim wat jou uit die land van Mitsrajim, uit die slawehuis, gebring het.

¹¹ "En die hele Jisra'el sal dit hoor en vrees, en hulle sal nie weer so 'n verkeerde ding by jou doen nie.

¹² "Wanneer jy in een van jou stede wat

^g 18:9; Waj 18:3; Jir 10:2; Jeh 11:12 20:32.

^h 4:2; Mish 30:6.

D'BARIM 14

יהוה jou Elohim jou gee om daar te woon, iemand hoor sê:

¹³ "Mans, die seuns van Belijaäl het by jou uitgegaan en die inwoners van hulle stad verlei deur te sê: "Laat ons gaan en ander elohim dien" – wat julle nie geken het nie –

¹⁴ dan moet jy verseker ondersoek en naspour en uitvra, en indien dit waar is, staan die saak vas, hierdie gruwel is by jou gedoen,

¹⁵ dan moet jy die inwoners van daardie stad verseker met die skerpte van die swaard verslaan deur dit met die ban te tref en alles wat daarin is, ook die vee, met die skerpte van die swaard.

¹⁶ "En al die buit daarvan moet jy op die stadsplein bymekaarbring en die stad en al die buit met vuur verbrand aan יהוה jou Elohim, en dit moet vir ewig 'n puinhoop wees, dit mag nie weer opgebou word nie.

¹⁷ "Ook mag daar niks van wat bangoed is, aan jou hand bly kleef nie, sodat יהוה van die gloed van Sy toorn kan wegdraai en aan jou barmhartigheid kan bewys en Hom oor jou ontferm en jou vermeerder, soos Hy aan jou vaders gesweer het, ¹⁸ wanneer jy na die stem van יהוה jou Elohim luister om al Sy bevele te bewaar wat ek jou vandag beveel, deur te doen wat reg is in die oë van יהוה jou Elohim.

14 "Julle is kinders van יהוה julle Elohim. Moenie julle ter wille van 'n dooie sny of 'n kaalte tussen julle oë maak nie.

² "Want jy is 'n afgesonderde volk aan יהוה jou Elohim, en יהוה het jou gekies om Sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is.

³ "Jy moet niks gruwelik eet nie.

⁴ "Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees, 'n skaap en 'n bok,

⁵ 'n hert en 'n gaseel en 'n reebok en 'n wilde bok en 'n bergbok en 'n antilope en 'n klipskaaap,

⁶ en elke diere wat 'n gesplete hoef het, en heeltemal in twee gesplete hoeve, en herkou tussen die diere, mag julle eet.

⁷ "Maar die wat herkou of die wat 'n ge-

splete hoef het mag julle nie eet nie: die kameel en die haas en die das, want hulle herkou maar het geen gesplete hoef nie, hulle is onrein vir julle.

⁸ "En die vark, want hy het 'n gesplete hoef, maar is geen herkouer nie, hy is onrein vir julle. julle mag nie van hulle vleis eet en aan hulle karkaste raak nie.

⁹ "Hierdie mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het, mag julle eet.

¹⁰ "Maar alles wat nie vinne en skubbe het nie, mag julle nie eet nie, dit onrein is vir julle.

¹¹ "Al die rein voëls mag julle eet.

¹² Maar hierdie mag julle nie eet nie: die arend en die lammervanger en die seearend,

¹³ en die aasvoël en die valk en die gier volgens sy soorte,

¹⁴ en elke raaf volgens sy soorte,

¹⁵ en die volstruis en die nagvalk en die seemeeu en die hawik volgens sy soorte,

¹⁶ en die uil en die ibis en die flamink,

¹⁷ en die pelikaan en die kleinaasvoël en die visvanger,

¹⁸ en die ooievaar en die reier na sy soorte, en die hoep-hoep en die vlermuis.

¹⁹ "En alle gevleuelde krioelende goed is vir julle onrein. Hulle word nie geëet nie.

²⁰ "Al die rein gevleueldes mag julle eet.

²¹ "Julle mag niks eet wat gevrek het nie.

Jy kan dit vir die vreemdeling wat in jou poorte is, gee, dat hy dit eet, of jy kan dit aan 'n uitlander verkoop. Want jy is 'n afgesonderde volk aan יהוה jou Elohim. Jy mag die bokkie nie in sy moeder se melk kook nie.

²² "Jy moet beslis die hele opbrengs van jou saad, wat die veld jaar vir jaar voortbring, vertien.

²³ "En jy moet voor יהוה jou Elohim op die plek wat Hy kies om Sy Naam daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou mos en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee, sodat jy kan leer om יהוה jou Elohim altyd te vrees.

D'BARIM 15

²⁴ "En indien die pad vir jou te lank is, indien jy dit nie kan vervoer nie, omdat die plek wat יהוה jou Elohim kies om Sy Naam daar te vestig, te ver van jou af is, wanneer יהוה jou Elohim jou sal seën,

²⁵ dan moet jy dit omsit in geld en die geld in jou hand bind en na die plek gaan wat יהוה jou Elohim kies.

²⁶ "En jy moet die geld gee vir alles wat jou wese begeer, vir beeste en kleinvee en wyn en sterk drank en vir alles wat jou wese van jou begeer, en jy moet daar voor יהוה jou Elohim eet en vrolik wees, jy en jou huis.

²⁷ "Maar die Lēwi wat in jou poorte is, hom moet jy nie aan sy lot oorlaat nie, want hy het geen deel of erfenis saam met jou nie.

²⁸ "Aan die einde van drie jaar moet jy al die tiendes van jou opbrengs in daardie jaar uitbring en dit in jou poorte wegsit.

²⁹ "En die Lēwi, omdat hy geen deel of erfenis saam met jou het nie, en die vreemdeling en die vaderlose en die weduwee wat in jou poorte is moet kom, en hulle moet eet en versadig word, sodat יהוה jou Elohim jou kan seën in al die werk van jou hand wat jy doen.

15 "Aan die einde van sewe jaar moet jy 'n kwytskelding doen.

² "En dit is die wyse van die kwytskelding: Elke skuldeiser moet kwytskeld wat hy aan sy naaste geleen het. Hy moet sy naaste en sy broer nie dreig nie, want dit word die kwytskelding van יהוה genoem.

³ "Die uitlander mag jy dreig, maar wat jy by jou broer het, moet jou hand kwytskeld.

⁴ "Ook moet daar geen arme by jou wees nie, want יהוה sal jou ryklik seën in die land wat יהוה jou Elohim jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem,

⁵ indien jy net goed na die stem van יהוה jou Elohim luister om te verseker om al hierdie bevele wat ek jou vandag beveel te doen.

⁶ "Want יהוה jou Elohim seën jou soos Hy jou belooft het, sodat jy aan baie nasies

sal uitleen, maar self nie hoef te leen nie. En jy sal oor baie nasies regeer, maar hulle sal nie oor jou regeer nie.

⁷ "Indien daar by jou 'n arme is, een uit jou broers, in een van jou poorte, in jou land wat יהוה jou Elohim jou sal gee, dan moet jy jou hart nie verhard en jou hand nie toehou vir jou arm broer nie.

⁸ "Maar jy moet jou hand wyd oopmaak vir hom, en jy moet gewillig aan hom leen, genoegsaam vir sy behoefte, wat hom ontbreek.

⁹ "Wees op jou hoede, dat daar in jou hart geen gedagte van Belijaal is nie, en sê: 'Die sewende jaar, die jaar van kwytskelding, is naby' – en jou oog dan jou arm broer boos aankyk, en jy hom niks gee nie, en hy teen jou na יהוה roep, en dit sonde in jou word.

¹⁰ "Jy moet verseker aan hom gee, en jou hart moet nie bedroef wees wanneer jy aan hom gee nie, want ter wille hiervan sal יהוה jou Elohim jou seën in al jou werk en in alles waaraan jy jou hand slaan.

¹¹ "Want die arme sal nie in die land ontbreek nie, daarom beveel ek jou en sê: 'Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land.'

¹² "Wanneer jou broer, 'n Ibri man of 'n Ibri vrou, hom aan jou verkoop, moet hy jou ses jaar lank dien, maar in die sewende jaar moet jy hom as vryman van jou laat weggaan.

¹³ "En wanneer jy hom as vryman van jou laat weggaan, moet jy hom nie met leë hande laat weggaan nie.

¹⁴ "Jy moet hom ryklik voorsien van jou kleinvee en jou dorsvloer en jou wyn pers. Waarin יהוה jou Elohim jou geseën het, daarvan moet jy aan hom gee.

¹⁵ "En jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf in die land van Mitsrajim was, en dat יהוה jou Elohim jou verlos het, daarom beveel ek jou hierdie saak vandag.

¹⁶ "Maar indien hy vir jou sê: 'Ek wil nie van jou weggaan nie', aangesien hy jou en jou huis liefhet, omdat dit vir hom

D'BARIM 16

goed was by jou,

¹⁷ dan moet jy 'n els neem en dit deur sy oor en in die deur steek, sodat hy vir altyd jou slaaf word en jy moet net so ook met jou slavin doen.

¹⁸ "Dit moet nie hard in jou oë wees wanneer jy hom as vryman van jou laat weggaan nie, want die dubbele loon van 'n dagloner het hy vir jou ses jaar lank ingedien. En יהוה jou Elohim sal jou seën in alles wat jy doen.

¹⁹ "Al die eersgeborenes van die manlike geslag wat by jou beeste en jou kleinvee aankom, moet jy vir יהוה jou Elohim afsonder. Jy mag nie met die eersgeborene van jou beeste werk, en die eersgeborene van jou kleinvee skeer nie.

²⁰ "Jy moet dit jaar vir jaar voor יהוה jou Elohim eet op die plek wat יהוה sal kies, jy en jou huis.

²¹ "Maar indien daar 'n liggaamsgebrek aan is – lam of blind, enige lelike gebrek – dan moet jy dit nie vir יהוה jou Elohim slag nie.

²² "Jy mag dit in jou poorte eet, die onreine en die reine saam, soos die gasel en die hert.

²³ "Jy mag net nie die bloed eet nie. Jy moet dit op die grond uitgooi soos water.

16 "Bewaar die maand אֲבִיב en hou Pesah vir יהוה jou Elohim, want in die maand אֲבִיב het יהוה jou Elohim jou in die nag uit Mitsrajim gebring.

² "En jy moet vir יהוה jou Elohim Pesah slag van kleinvee en beeste, op die plek wat יהוה sal kies om Sy Naam daar te laat woon.

³ "Jy mag geen gesuurde brood daarby eet nie. Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode daarby eet, brood van elende, want jy het baie haastig uit die land van Mitsrajim getrek – sodat jy al die dae van jou lewe die dag van jou uittoeg uit die land van Mitsrajim in gedagtenis kan hou.

⁴ "En sewe dae lank mag daar by jou geen suurdeeg in jou hele grondgebied gesien word nie, en niks van die vleis wat jy die eerste dag in die aand slag, mag

tot die môre oorbly nie.

⁵ "Jy mag die Pesah nie in een van jou poorte slag wat יהוה jou Elohim aan jou gee nie,

⁶ maar op die plek wat יהוה jou Elohim sal kies om Sy Naam daar te laat woon, moet jy die Pesah slag, in die aand teen sononder, op die tyd van jou uittoeg uit Mitsrajim.

⁷ "Dan moet jy dit braai en eet op die plek wat יהוה jou Elohim sal kies. Daarna moet jy in die môre omdraai en na jou tente gaan.

⁸ "Ses dae lank moet jy ongesuurde brode eet, en op die sewende dag is daar 'n feestyd vir יהוה jou Elohim, jy doen geen werk nie.

⁹ "Jy moet sewe weke tel. Vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan word, moet jy sewe weke begin tel.

¹⁰ "Dan moet jy die Fees van Shabuot¹ vir יהוה jou Elohim hou, volgens die vrywillige offer van jou hand wat jy sal gee, namate יהוה jou Elohim jou sal seën.

¹¹ "En jy moet vrolik wees voor יהוה jou Elohim, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Lëwi wat in jou poorte is, en die vreemdeling en die vaderlose en die weduwee wat by jou is, op die plek wat יהוה jou Elohim sal kies om Sy Naam daar te laat woon.

¹² "En jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf in Mitsrajim was, en jy moet hierdie wette bewaar en doen.

¹³ "Die Fees van Sukkot¹ moet jy sewe dae lank hou wanneer jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou.

¹⁴ "En jy moet vrolik wees op jou fees, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Lëwi en die vreemdeling en die vaderlose en die weduwee wat in jou poorte is.

¹⁵ "Sewe dae lank moet jy vir יהוה jou Elohim fees hou op die plek wat יהוה sal kies, want יהוה jou Elohim sal jou seën in

¹ Fees van die Weke

¹ Huttefees

al jou inkomste en in al die werk van jou hande. En jy moet net vrolik wees.

¹⁶ "Drie maal in die jaar moet al jou mans voor יהוה jou Elohim verskyn op die plek wat Hy sal kies. Op die Fees van Matsot^k en op die Fees van Shabuot en op die Fees van Sukkot, en hulle mag nie met leë hande voor יהוה verskyn nie.

¹⁷ "Elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van יהוה jou Elohim wat Hy jou gegee het.

¹⁸ "Jy moet regters en opsigters vir jou aanstel in al jou poorte wat יהוה jou Elohim jou sal gee volgens jou stamme. En hulle moet die volk oordeel volgens 'n regverdige regspraak.

¹⁹ "Jy mag nie die reg verdraai nie. Jy mag nie partydig wees nie. Jy mag ook geen omkoopgeskenk aanneem nie, want die geskenk verblind die oë van die wyse en verdraai die sake van die wat reg het.

²⁰ "Geregtigheid, geregtigheid moet jy najaag, sodat jy kan lewe en die land in besit kan neem wat יהוה jou Elohim jou gee.

²¹ "Jy mag vir jou geen boom as 'n Ashēra langs die altaar van יהוה jou Elohim plant wat jy vir jou sal maak nie.

²² "En jy mag vir jou geen klippilaar, wat יהוה jou Elohim haat, oprig nie.

17 "Jy mag vir יהוה jou Elohim geen bees of skaap waaraan 'n liggaamsgebrek, iets slegs, is, slag nie, want dit is 'n gruwel vir יהוה jou Elohim.

² "Wanneer by jou 'n man of 'n vrou gevind word in een van jou poorte wat יהוה jou Elohim jou sal gee, wat doen wat verkeerd is in die oë van יהוה jou Elohim deur Sy verbond te oortree,

³ en ander elohim gaan dien en voor hulle neerbuig, en voor die son of die maan of die hele leër van die hemel, wat Ek nie beveel het nie,

⁴ en dit aan jou vertel word, en jy dit hoor, dan moet jy goed ondersoek instel. En kyk, indien dit waar is, staan die saak vas, is hierdie gruwel in Jisra'ël gedoen,

^k Fees van die Ongesuurde Brode

⁵ dan moet jy daardie man of daardie vrou wat hierdie verkeerde ding gedoen het, uitbring na jou poorte, die man of die vrou, en jy moet hulle met klippe stenig, dat hulle sterf.

⁶ "Uit die mond van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde doodgemaak word. Hy word nie doodgemaak word uit die mond van een getuie nie.

⁷ "Die hand van die getuies moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, en daarna die hand van die hele volk. So moet jy dan die kwaad uit jou midde roei.

⁸ "Wanneer 'n saak vir jou te moeilik is om te beslis tussen bloed en bloed, tussen pleidooi en pleidooi en tussen hou en hou – regsake in jou poorte – dan moet jy opstaan en opgaan na die plek wat יהוה jou Elohim sal kies.

⁹ "En jy moet na die priesters, die Lēwiim, kom en na die regter wat daar in daardie dae sal wees, en jy moet uitvra. En hulle sal jou die regspraak lewer.

¹⁰ "En jy moet doen volgens die uitspraak wat hulle aan jou sal lewer, uit daardie plek wat יהוה sal kies, en jy moet sorgvuldig doen net soos hulle jou sal leer.

¹¹ "Volgens die Tora wat hulle jou leer en volgens die regspraak wat hulle jou sê, moet jy doen. Jy mag nie regs of links afwyk van die uitspraak wat hulle aan jou lewer nie.

¹² "En die man wat verwaand optree, omdat hy nie na die priester luister wat staan om daar יהוה jou Elohim te dien, of na die regter nie, daardie man moet sterf. So moet jy dan die kwaad uit Jisra'ël roei.

¹³ "En die hele volk sal dit hoor en vrees en nie meer verwaand optree nie.

¹⁴ "Wanneer jy in die land kom wat יהוה jou Elohim jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,'

¹⁵ dan moet jy verseker 'n koning oor jou aanstel wat יהוה jou Elohim sal kies. Jy moet 'n koning uit die midde van jou

D'BARIM 18

broers oor jou aanstel. Jy mag geen uitlander, wat nie jou broer is nie, oor jou aanstel nie.

¹⁶ "Hy mag net nie vir hom baie perde aanskaf nie, en hy mag die volk nie na Mitsrajim teruglei om baie perde aan te skaf nie, aangesien יהוה vir julle gesê het: 'Julle mag nooit weer op hierdie pad teruggaan nie.'

¹⁷ "Hy mag ook nie baie vrouens aanskaf nie, dat sy hart nie afwyk nie. Hy mag ook vir hom nie uitermate baie silwer en goud aanskaf nie.

¹⁸ "En wanneer hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie Tora in 'n boek skryf, uit daardie wat voor die priesters, die Lëwiim is.

¹⁹ "En dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om יהוה sy Elohim te vrees deur al die woorde van hierdie Tora en hierdie wette te bewaar, om dit te doen,

²⁰ sodat sy hart hom nie verkeh oor sy broers nie en hy nie regs of links van die bevel afwyk nie, dat hy die dae kan verleng in sy koninkryk, hy en sy seuns, tussen Jisra'ël.

18 "Die priesters, die Lëwiim, die hele stam van Lëwi, sal geen deel of erfenis saam met Jisra'ël hê nie. Hulle moet van die vuuroffers van יהוה en van Sy erfdeel eet.

² "En hy sal geen erfdeel tussen sy broers hê nie. יהוה is sy erfdeel soos Hy hom beloof het.

³ "En dit moet die reg van die priesters wees van die kant van die volk, van die wat 'n slagoffer bring, of dit 'n bees of 'n skaap is: hulle moet aan die priester die blad en die twee kakebene en die maag gee.

⁴ "Die eersteling van jou koring, jou mos en jou olie en die eersteling van die skeersel van jou skape moet jy aan hom gee.

⁵ "Want יהוה jou Elohim het hom uit al jou stamme kies, dat hy kan staan om te dien in die Naam van יהוה, hy en sy seuns vir ewig.

⁶ "En wanneer 'n Lëwi uit een van jou poorte kom, uit die hele Jisra'ël waar hy as vreemdeling vertoef, en hy kom met die begeerte van sy hele hart na die plek wat יהוה sal kies,

⁷ dan moet hy dien in die Naam van יהוה sy Elohim soos al sy broers, die Lëwiim, wat daar voor יהוה staan.

⁸ Hulle moet deel vir deel kry om te eet ongeag die goedere van sy vaders.

⁹ "Wanneer jy in die land kom wat יהוה jou Elohim jou sal gee, moet jy nie leer om te doen volgens die gruwels van daardie nasies nie.

¹⁰ "Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat gaan, wat met waarsêery, goëlerij of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie,

¹¹ of wat met besweringe omgaan, of 'n medium^l of 'n spiritis,^m of wat die dooies raadpleeg nie.

¹² "Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir יהוה 'n gruwel, en weens hierdie gruwels verdryf יהוה jou Elohim hulle voor jou uit.

¹³ "Jy moet opreg wees voor יהוה jou Elohim.

¹⁴ "Want hierdie nasies wat jy onteien, luister na goëlaars en waarsêers, maar wat jou aangaan, יהוה jou Elohim het jou nie so iets toegelaat nie.

¹⁵ "יהוה jou Elohim sal vir jou 'n profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek, verwek. Julle moet na hom luister,

¹⁶ net soos jy van יהוה jou Elohim by הורֶבֶב gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Ek kan nie langer die stem van יהוה my Elohim hoor en nie meer hierdie groot vuur sien nie, anders sterf ek.'

¹⁷ "En יהוה het vir my gesê: 'Dit is goed wat hulle gesê het.

¹⁸ 'Ek sal 'n profeet vir hulle verwek uit die midde van hul broers, soos jy, en Ek sal My woorde in sy mond lê, en hy sal

^l 'n Gees van 'n afgestorwene raadpleeg.

^m 'n Gees wat waarsêe

D'BARIM 19

vir hulle alles sê wat Ek hom beveel.

¹⁹ 'En die man wat nie luister na My woorde wat hy in My Naam sê nie, van hom sal Ek self rekenskap eis.

²⁰ 'Maar die profeet wat verwaand 'n woord in My Naam sê wat Ek hom nie beveel het om te sê nie, of wat in die naam van ander elohim praat, daardie profeet moet sterf.'

²¹ "En wanneer jy in jou hart sê: 'Hoe sal ons die woord weet wat יהוה nie gesê het nie?' –

²² wanneer die profeet in die Naam van יהוה praat, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat יהוה nie gesê het nie. Die profeet het dit in verwaandheid gesê. Jy moenie vir hom bang wees nie.

19 "Wanneer יהוה jou Elohim die nasies uitroei wie se land יהוה jou Elohim jou sal gee, en jy hulle onteien en in hulle stede en in hulle huise woon,

² dan moet jy vir jou drie stede afsonder in jou land wat יהוה jou Elohim jou sal gee om in besit te neem.

³ "Jy moet vir jou die pad regmaak en jou grondgebied wat יהוה jou Elohim jou laat erf, in drie dele verdeel, sodat elkeen wat doodgemaak het, daarheen kan vlug.

⁴ "En dit is die saak van hom wat doodgemaak het, wat daarheen vlug, dat hy kan lewe: hy wat sy naaste sonder opset doodsla, terwyl hy hom nie van gister en eergister af gehaat het nie,

⁵ en hy wat saam met sy naaste in die bos gaan om hout te kap en sy hand swaai met die byl om die boom af te kap, en die yster glijp van die steel af en tref sy naaste, sodat hy sterf – hy moet in een van hierdie stede vlug om te bly lewe,

⁶ sodat die bloedwreker hom wat doodgemaak het, nie agtervolg terwyl sy hart verhit is en hom inhaal, omdat die pad lank is, en hom doodsla nie, terwyl hy nie die dood verdien het nie, omdat hy hom nie van gister en eergister af gehaat het nie.

⁷ "Daarom beveel ek jou en sê: 'Jy moet

drie stede vir jou afskei.'

⁸ "En wanneer יהוה jou Elohim jou grondgebied uitbrei, soos Hy aan jou vaders gesweer het, en jou die hele land gee wat Hy beloof het om aan jou vaders te gee,

⁹ indien jy sorgvuldig al hierdie bevels hou wat ek jou vandag beveel om dit te doen, om יהוה jou Elohim lief te hê en altyd in Sy weê te wandel, dan moet jy vir jou nog drie stede by hierdie drie voeg,

¹⁰ sodat geen onskuldige bloed vergiet word binne-in jou land wat יהוה jou Elohim jou as erfenis sal gee, en bloedskuld op jou kom nie.

¹¹ "Maar wanneer iemand sy naaste haat en hom voorlê en teen hom opstaan en die lewe uit hom slaan, sodat hy sterf, en hy in een van hierdie stede vlug,

¹² dan moet die oudstes van sy stad stuur en hom van daar laat haal, en hulle moet hom in die hand van die bloedwreker oorgee, dat hy kan sterf.

¹³ "Jou oog mag hom nie verskoon nie, maar jy moet die onskuldige bloed uit Jisra'el verwyder, dat dit met jou goed kan gaan.

¹⁴ "Jy mag jou naaste se grenslyn, deur hulle in die verlede vasgestel in jou erfdedeel wat jy sal erf in die land wat יהוה jou Elohim jou sal gee om in besit te neem, nie verskuif nie.

¹⁵ "Een getuie mag nie teen iemand optree aangaande enige misdad of enige sonde, by enige oortreding wat hy oortree nie. Uit die mond van twee getuies of uit die mond van drie getuies sal 'n saak van krag wees.

¹⁶ Indien 'n kwaadwillige getuie teen iemand optree om teen hom van afvalligheid te getuig,

¹⁷ dan moet die twee mans wat die regspraak het, voor יהוה gaan staan, voor die priesters en die regters wat in daardie dae daar sal wees.

¹⁸ "En die regters moet noukeurig ondersoek doen, en kyk, indien die getuie 'n valse getuie, het hy vals teen sy broer

D'BARIM 21

getuig,

¹⁹ dan moet julle met hom doen soos hy gedink het om met sy broer te doen. So moet jy die kwaad uit jou midde roei.

²⁰ "En die ander moet dit hoor en vrees en nie verder weer so iets by jou verkeers doen nie.

²¹ "En jou oog mag nie verskoon nie: lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet.

20 "Wanneer jy na die oorlog uittrek teen jou vyand en perde en strydwaens sien, 'n volk meer in getal as jy, dan moet jy hulle nie vrees nie, want יהוה jou Elohim wat jou uit die land van Mitsrajim gebring het, is met jou.

² "En wanneer julle na die geveg kom, moet die priester nader kom en die volk toespreek.

³ En hy moet vir hulle sê: 'Hoor, Jisra'el, julle trek vandag nader om te veg teen julle vyande. Laat julle hart nie week word nie, wees nie bevrees en beangs en word nie verskrik vir hulle nie,

⁴ want dit is יהוה julle Elohim wat saam met julle trek om vir julle teen julle vyande te veg, om julle te red.'

⁵ "En die opsigters moet die volk toespreek en sê: 'Watter man het 'n nuwe huis gebou en dit nie ingewy nie? Hy kan teruggaan huis toe, dat hy nie in die oorlog sterf en iemand anders dit inwy nie.

⁶ 'En watter man het 'n wingerd geplant en dit nie in gebruik geneem nie? Hy kan teruggaan huis toe, dat hy nie in die oorlog sterf en iemand anders dit in gebruik neem nie.

⁷ 'En watter man het hom met 'n vrou verloof en haar nie geneem nie? Hy kan teruggaan huis toe, dat hy nie in die oorlog sterf en iemand anders haar neem nie.'

⁸ "En die opsigters moet verder die volk toespreek en sê: 'Watter man is bang en week van hart? Hy kan teruggaan huis toe, dat die hart van sy broers nie soos sy hart smelt nie.'

⁹ "En wanneer die opsigters die volk klaar

toegesprek het, moet bevelvoerders aan die hoof van die volk aangestel word.

¹⁰ "Wanneer jy naby 'n stad kom om daarteen te veg, moet jy dit vrede aanbied.

¹¹ "En indien dit jou vrede aanvaar en vir jou oopmaak, moet die hele volk wat daarin gevind word, jou dwangarbeiders wees en jou dien.

¹² "Maar indien dit nie met jou vrede sluit nie, maar oorlog teen jou wil voer, moet jy dit beleër.

¹³ "En יהוה jou Elohim sal dit in jou hand gee, en jy moet al die mans daarin met die skerpte van die swaard verslaan.

¹⁴ "Net die vrouens en die kinders en die vee en alles wat in die stad is, die hele buit moet jy vir jou roof. En jy moet die buit van jou vyande eet wat יהוה jou Elohim jou gegee het.

¹⁵ "Jy moet so met al die stede maak wat baie ver van jou af is, wat nie by die stede van hierdie nasies behoort nie.

¹⁶ "Maar van die stede van hierdie volke wat יהוה jou Elohim jou as erfenis sal gee, moet jy niks wat asem het, laat lewe nie.

¹⁷ "Maar jy moet hulle heeltemal met die ban tref: die Hitim en Amorim, die Kanaanim en Parisim, die Hivim en Jabusim, soos יהוה jou Elohim jou beveel het,

¹⁸ sodat hulle julle nie leer om te handel volgens al hulle gruwels wat hulle vir hul elohim gedoen het, en julle teen יהוה julle Elohim sondig nie.

¹⁹ "Wanneer jy 'n stad baie lank beleër deur oorlog daarteen te voer om dit te verower, moet jy nie sy bome verwoes deur die byl daarteen te swaai nie, maar jy mag daarvan eet en mag dit nie afkap nie. Want is die boom van die veld 'n man, om deur jou beleër te word?

²⁰ "Net bome waarvan jy weet dat dit geen bome vir kos is nie, mag jy verwoes en afkap sodat jy teen die stad wat teen jou oorlog voer, 'n skans bou totdat dit val.

21 "Wanneer hulle in die land wat יהוה

D'BARIM 21

jou Elohim jou sal gee om in besit te neem, een vind wat dood lê in die veld, sonder dat dit bekend is wie hom doodgemaak het,

² dan moet jou oudstes en jou regters uitgaan en die afstand meet na die stede wat rondom die een lê wat doodgemaak is.

³ "En die stad wat die naaste lê aan hom wat doodgemaak is – die oudstes van daardie stad moet 'n jong koei neem waarmee nie gewerk is nie, wat nie in 'n juk getrek het nie.

⁴ "En die oudstes van daardie stad moet die koei afbring in 'n vallei met standhoudende water waarin nie gewerk of gesaai word nie, en hulle moet daar in die vallei die koei se nek breek.

⁵ "En die priesters, die seuns van Lëwi, moet kom, want יהוה jou Elohim het hulle gekies om Hom te dien en om in die Naam van יהוה te seën, en volgens hulle mond moet elke twis en elke besering beslis word.

⁶ "En al die oudstes van daardie stad wat die naaste woon aan hom wat doodgemaak is, moet hulle hande oor die koei waarvan die nek in die vallei gebreek is, was.

⁷ "En hulle moet verklaar en sê: 'Ons hande het nie hierdie bloed vergiet nie, en ons oë het dit nie gesien nie.'

⁸ 'Vergewe U volk Jisra'el wat U, יהוה, verlos het, en laat geen onskuldige bloed op U volk Jisra'el rus nie.' En die bloedskuld sal vir hulle vergewe word.

⁹ "So sal jy die onskuldige bloed uit jou midde verwyder indien jy doen wat reg is in die oë van יהוה.

¹⁰ "Wanneer jy na die oorlog uittrek teen jou vyande en יהוה jou Elohim hulle in jou hand gee en jy hulle gevangenes wegvoer,

¹¹ en jy tussen die gevangenes 'n vrou sien wat skoon van gestalte is, en jy haar liefkry en haar as vrou vir jou neem,

¹² dan moet jy haar in jou huis bring, en sy moet haar kop skeer en haar naels knip.

¹³ "En sy moet die klere waarin sy weggevoer is, uittrek en in jou huis bly en haar vader en haar moeder 'n maand lank beween. En daarna kan jy by haar ingaan en haar man wees, en sy sal jou vrou wees.

¹⁴ "En indien jy geen genot in haar het nie, moet jy haar volgens haar begeerte laat gaan, maar jy mag haar glad nie vir geld verkoop nie. Jy mag haar nie hard behandel nie, omdat jy haar verneder het.

¹⁵ "Wanneer 'n man twee vrouens het, een wat hy liefhet en een wat hy nie liefhet nie, en hulle baar vir hom seuns, die geliefde en die ongeliefde vrou, en die eersgebore seun behoort aan die ongeliefde vrou,

¹⁶ dan mag hy, op die dag wat hy sy seuns sy besittings laat erf, nie die eersgebortereg aan die seun van die geliefde vrou gee tot nadeel van die seun van die ongeliefde vrou, die eersgeborene, nie.

¹⁷ "Maar hy moet die eersgeborene, die seun van die ongeliefde vrou, erken deur aan hom 'n dubbele deel te gee van alles wat hy besit, want hy is die eersteling van sy krag: die eersgebortereg is syne.

¹⁸ "Wanneer iemand 'n koppige en opstandige seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie, en hulle hom tugtig, maar hy nie na hulle luister nie,

¹⁹ dan moet sy vader en sy moeder hom neem en hom uitbring na die oudstes van sy stad en na die poort van sy woonplek, ²⁰ en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: 'Hierdie seun van ons is koppig en opstandig, hy luister nie na ons stem nie, hy is 'n nikswerd en 'n dronkaard.'

²¹ "Dan moet al die mans van sy stad hom met klippe stenig, dat hy sterf. So moet jy dan die kwaad uit jou midde roei, en die hele Jisra'el sal dit hoor en vrees.

²² "En wanneer iemand 'n sonde begaan wat die doodstraf verdien en hy doodgemaak word en jy hom aan 'n boom

ophang,

²³ dan mag sy lyk nie oornag aan die boom bly nie, maar jy moet hom verseker daardie dag nog begrawe, want een wat opgehang is, is deur Elohim vervloek. En jy mag jou land wat יהורה jou Elohim jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.

22 "Jy mag nie die bees van jou broer of sy skaap sien rondwaal en jou vir hulle verberg nie. Jy moet hulle verseker na jou broer terugneem.

² "En indien jou broer nie naby jou is nie of jy hom nie ken nie, moet jy dit na jou huis neem, en dit moet by jou wees tot dat jou broer dit soek, dan moet jy dit aan hom teruggee.

³ "So moet jy met sy donkie ook doen, en so moet jy met sy kleed doen, ja, so moet jy met alles van jou broer wat weggraak, wat hy verloor en wat jy vind, doen. Jy mag jou nie verberg nie.

⁴ "Jy mag nie jou broer se donkie of sy bees sien val op die pad en jou vir hulle verberg nie. Saam met hom moet jy hulle verseker ophelp.

⁵ "n Vrou mag nie dra wat vir 'n man gemaak is nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek nie, want almal wat dit doen, is 'n gruwel vir יהורה jou Elohim.

⁶ "Wanneer jy op pad 'n voël nes kry in een of ander boom of op die grond, met klein voëltjies of eiers, terwyl die moeder op die klein voëltjies of op die eiers sit, mag jy die moeder nie saam met die kleintjies wegneem nie.

⁷ "Jy moet die moeder verseker laat wegvlieg, maar die kleintjies mag jy vir jou neem, dat dit met jou goed kan gaan en jy jou dae kan verleng.

⁸ "Wanneer jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n reling aan jou dak maak, sodat jy geen bloedsukul op jou huis bring indien iemand daarvan afval nie.

⁹ "Jy mag nie twee soorte saad in jou wingerd saai nie, anders sal die volle opbrengs van die saad wat jy saai en die opbrengs van die wingerd afgesonder wees.

¹⁰ "Jy mag nie met 'n os en 'n donkie tegelyk ploeg nie.

¹¹ "Jy mag geen kledingstuk van gemengde stof, wol en linne saam, aantrek nie.

¹² "Jy moet vir jou tossels maak aan die vier hoeke van jou klere waarmee jy jou toemaak.

¹³ "Wanneer 'n man 'n vrou neem en by haar ingaan en haar dan haat

¹⁴ en haar van slegte dinge beskuldig en 'n slegte naam oor haar bring en sê: 'Ek het hierdie vrou geneem, en toe ek naby haar gekom het, het ek nie die tekens van maagdelikheid aan haar gevind nie,'

¹⁵ dan moet die vader en die moeder van die meisie die bewys van die meisie se maagdelikheid neem en na die oudstes van die stad by die poort uitbring.

¹⁶ "En die vader van die meisie moet aan die oudstes sê: 'Ek het my dogter aan hierdie man as vrou gegee, maar hy haat haar.

¹⁷ 'En kyk, hy het haar van slegte dinge beskuldig deur te sê: 'Ek het nie aan jou dogter die tekens van maagdelikheid gevind nie' – maar dit is die bewys van my dogter se maagdelikheid.' En hulle moet die kledingstuk voor die oudstes van die stad uitsprei.

¹⁸ "Dan moet die oudstes van daardie stad die man neem en hom tugtig

¹⁹ en hom beboet met een honderd sikfels silwer en dit aan die vader van die meisie gee, omdat hy 'n slegte naam oor 'n jongmeisie van Jisra'el gebring het. En sy moet sy vrou wees. Hy mag haar nie verstoot solank as hy lewe nie.

²⁰ "Maar indien hierdie woord waar is: 'Die tekens van maagdelikheid is nie aan die meisie gevind nie' –

²¹ dan moet hulle die meisie na die deur van haar vader se huis uitbring, en die mans van haar stad moet haar met klippe stenig, dat sy sterf, omdat sy 'n boosheid in Jisra'el gedoen het deur in die huis van haar vader te hoereer. So moet jy dan die kwaad uit jou midde roei.

²² "Wanneer 'n man betrap word terwyl hy by 'n vrou, getroud met 'n man, lê, moet hulle altwee sterf: die man wat by die vrou gelê het, en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Jisra'ël roei.

²³ "Wanneer 'n meisie, 'n maagd, aan 'n man verloof is, en iemand kry haar in die stad en lê by haar,

²⁴ dan moet julle hulle twee na die poort van daardie stad uitbring en hulle met klippe stenig, dat hulle sterf. Die meisie, omdat sy nie in die stad geskreeu het nie, en die man, omdat hy die vrou van sy naaste verneder het. So moet jy dan die kwaad uit jou midde roei.

²⁵ "Maar indien die man die verloofde meisie in die veld kry en die man haar gryp en by haar lê, moet die man wat by haar gelê het, alleen sterf,

²⁶ maar aan die meisie moet jy niks doen nie. Daar is in die meisie geen sonde wat die dood verdien nie, want soos wanneer 'n man teen sy naaste opstaan en hom doodsla, so is hierdie geval.

²⁷ "Want hy het haar in die veld gekry, die verloofde meisie het geskreeu, maar daar was niemand om haar te red nie.

²⁸ "Wanneer 'n man 'n meisie, 'n maagd, kry wat nie verloof is nie, en haar gryp en by haar lê, en hulle word uitgevind,

²⁹ dan moet die man wat by haar gelê het, die vader van die meisie vyftig sik-kels silwer gee, en sy moet sy vrou wees, omdat hy haar verneder het. Hy mag haar nie verstoot solank as hy lewe nie.

³⁰ "n Man mag nie die vrou van sy vader neem nie, en hy mag die kombens van sy vader nie oplik nie.

23 "Hy wat deur verbryseling vermink of van wie die manlike deel afgesny is, mag nie in die vergadering van יהוה kom nie.

² "n Mamzer mag nie in die vergadering van יהוה kom nie, selfs sy tiende geslag mag nie in die vergadering van יהוה kom nie.

³ "Geen Ammoni of Moabi mag in die vergadering van יהוה kom nie, selfs hulle tiende geslag mag vir ewig nie in die

vergadering van יהוה kom nie,

⁴ omdat hulle julle, met jul uittog uit Mitsrajim, nie met brood en water op die pad tegemoetgekom het nie. En omdat hy Bil'am, die seun van Beor, uit Petor in Aram-Naharajim, teen jou gehuur het om jou te vervloek.

⁵ "Maar יהוה jou Elohim wou nie na Bil'am luister nie, en יהוה jou Elohim het die vloek vir jou in 'n seën verander, omdat יהוה jou Elohim jou lief het.

⁶ "Jy mag vir ewig nie hulle vrede en hulle voorspoed soek solank as jy lewe nie.

⁷ "Die Adomi moet jy nie verag nie, want hy is jou broer. Die Mitsri moet jy nie verag nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land.

⁸ "Kinders wat vir hulle in die derde geslag gebore word, mag in die vergadering van יהוה kom.

⁹ "Wanneer jy as leer teen jou vyande uittrek, pas dan op vir enigiets wat boos is.

¹⁰ "Wanneer daar iemand by jou is wat weens 'n voorval in die nag nie rein is nie, moet hy buitekant die kamp uitgaan. Hy mag nie in die kamp kom nie.

¹¹ "Maar wanneer die aand aankom, moet hy hom in water bad, en teen sonsondergang mag hy in die kamp kom.

¹² "Jy moet buitekant die kamp 'n plek hê, en daarheen moet jy uitgaan.

¹³ "En jy moet 'n skoppie by jou gereedskap hê. Wanneer jy dan buite gaan sit, moet jy daarmee grawe en wat van jou uitgegaan het, weer toemaak.

¹⁴ "Want יהוה jou Elohim stap midde-in jou kamp om jou te red en jou vyande aan jou oor te gee, daarom moet jou kamp afgesonderd wees, sodat Hy niks skandelijks by jou mag sien en Hom van jou wegdraai nie.

¹⁵ "Jy mag 'n slaaf wat van sy meester na jou ontsnap het, nie aan sy meester oorlewer nie.

¹⁶ "Hy moet by jou bly, in jou midde, in die plek wat hy in een van jou poorte kies, waar dit vir hom goed is. Jy mag

D'BARIM 24

hom nie verdruk nie.

¹⁷ "Daar mag geen hoer uit die dogters van Jisra'ël wees nie, en daar mag geen *manlike* hoer uit die seuns van Jisra'ël wees nie.

¹⁸ "Jy mag geen geskenk van 'n hoer of hondeprys in die huis van יהוה jou Elohim as enige gelofte offer bring nie, want altwee hierdie is 'n gruwel vir יהוה jou Elohim.

¹⁹ "Jy mag nie teen rente aan jou broer leen nie, rente van geld, rente van eetware, rente van enigets wat 'n mens teen rente uitleen nie.

²⁰ "Aan die uitlander mag jy teen rente leen, maar aan jou broer mag jy nie teen rente leen nie, sodat יהוה jou Elohim jou kan seën in alles waar jy jou hand aan slaan in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

²¹ "Wanneer jy aan יהוה jou Elohim 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie, want יהוה jou Elohim sal dit verseker van jou eis, en dit sal sonde in jou word.

²² "Maar wanneer jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.

²³ "Dit wat oor jou lippe gaan, moet jy bewaar en doen soos jy aan יהוה jou Elohim vrywillig beloof het – wat jy met jou mond gesê het.

²⁴ "Wanneer jy in die wingerd van jou naaste kom, mag jy na hartelus druiwe tot versadiging eet, maar jy mag niks in jou houer steek nie.

²⁵ "Wanneer jy in die ongesnyde graan van jou naaste kom, mag jy met jou hand are afpluk, maar jy mag nie 'n sekel in die ongesnyde graan van jou naaste swaai nie.

24 "Wanneer 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en indien sy geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandieliks aan haar ontdek het, en hy haar 'n skeibrief skryf en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur,

² en sy uit sy huis gaan en wegloop en 'n ander man s'n word,

³ en die laaste man haat haar en skryf

haar 'n skeibrief en gee dit in haar hand en stuur haar uit sy huis weg, of as daardie laaste man sterf wat haar vir hom as vrou geneem het –

⁴ dan mag haar eerste man wat haar weggestuur het, haar nie weer neem om sy sy vrou te word nadat sy onrein geword het nie, want dit is 'n gruwel vir יהוה, en jy mag nie sonde op die land wat יהוה jou Elohim jou as erfenis sal gee, laai nie.

⁵ "Wanneer 'n man pas getroud is, hoef hy nie in die weermag uit te trek nie, en hulle moet hom in geen enkele opsig iets oplê nie. Een jaar lank moet hy vry wees vir sy huis en aan sy vrou wat hy geneem het, vreugde verskaf.

⁶ "Niemand mag die meul of die boonste meulsteen as waarborg neem nie, want hy neem die lewe as waarborg.

⁷ "Wanneer 'n man betrap word wat iemand van sy broers, van die kinders van Jisra'ël, steel en hom hard behandel of hom verkoop, dan moet daardie dief sterf. So moet jy die kwaad uit jou midde roei.

⁸ "Wees op jou hoede met die plaag van melaatsheid en verseker om te doen volgens alles wat die priesters, die Lêwiim julle sal leer. Soos ek hulle beveel het, moet julle verseker om dit te doen.

⁹ "Onthou wat יהוה jou Elohim op die pad, met julle uittog uit Mitsrajim, aan Mirjam gedoen het.

¹⁰ "Wanneer jy aan jou naaste enigiets leen, mag jy nie in sy huis gaan om sy waarborg te gaan haal nie.

¹¹ "Jy moet buite bly staan, en die man aan wie jy geleen het, moet die waarborg vir jou na buite uitbring.

¹² "En indien hy 'n arm man is, moet jy nie met sy waarborg gaan slaap nie.

¹³ "Jy moet hom verseker teen sonsonder die waarborg teruggee, dat hy in sy klere kan slaap en jou kan seën. En dit sal vir jou geregtigheid wees voor יהוה jou Elohim.

¹⁴ "Jy mag 'n arm en behoeftige dagloner uit jou broers of uit jou vreemdelinge wat

D'BARIM 25

in jou land in jou poorte is, nie verdruk nie.

¹⁵ "Op dieselfde dag moet jy sy loon gee, sodat die son nie oor hom ondergaan nie, want hy is arm en sy wese verlang daarna, dat hy nie teen jou tot יהוה roep en dit sonde in jou word nie.

¹⁶ "Die vaders mag nie vir die kinders, en die kinders mag nie vir die vaders doodgemaak word nie. Elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word.

¹⁷ "Jy mag nie die reg van 'n vreemdeling en vaderlose verdraai nie en die klere van 'n weduwee nie as waarborg neem nie.

¹⁸ "Maar jy moet onthou dat jy 'n slaaf in Mitsrajim was en יהוה jou Elohim jou daaruit verlos het. Daarom beveel ek jou om hierdie saak te doen.

¹⁹ "Wanneer jy jou oes op jou land insamel en 'n gerf op die land vergeet, mag jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet vir die vreemdeling, die vaderlose en die weduwee wees, dat יהוה jou Elohim jou kan seën in al die werk van jou hande.

²⁰ "Wanneer jy jou olywe afslaan, moet jy nie agter jou in die takke rond soek nie. Dit moet vir die vreemdeling, die vaderlose en die weduwee wees.

²¹ "Wanneer jy jou wingerd oes, moet jy nie agter jou skoon afoes nie. Dit moet vir die vreemdeling, die vaderlose en die weduwee wees.

²² "En jy moet onthou dat jy 'n slaaf in die land van Mitsrajim was, daarom beveel ek jou om hierdie saak te doen.

25 "Wanneer daar tussen mans 'n twis is en hulle na die gereg kom en die regters hulle vonnis en die regverdige regverdig verklaar en die skuldige skuldig verklaar,

² indien die skuldige dan slae verdien, moet die regter hom laat lê en hom in sy teenwoordigheid met 'n aantal houe laat slaan volgens sy skuld.

³ "Hy mag hom veertig houe laat gee, nie meer nie, dat hy hom nie verder met baie houe bo daardie laat slaan en jou broer voor jou oë veragtelik gemaak word nie.

⁴ "Jy mag 'n os nie muilband wanneer hy graan dors nie.

⁵ "Wanneer broers bymekaar woon en een van hulle sterf sonder dat hy 'n seun het, dan mag die vrou van die oorledene nie daarbuite 'n vreemde man s'n word nie. Haar swaer moet by haar ingaan en haar as sy vrou neem en die swaers-huwelik met haar sluit,

⁶ en die eersgeborene wat sy baar, moet opstaan vir die naam van sy oorlede broer, dat sy naam nie uit Jisra'ël gedelg word nie.

⁷ "Maar indien dit die man nie geval om sy skoonsuster te neem nie, moet sy skoonsuster na die poort opgaan na die oudstes toe, en sê: 'My swaer weier om sy broer se naam in Jisra'ël op te rig. Hy wil nie die swaershuwelik met my sluit nie.'

⁸ "Die oudstes van sy stad moet hom dan roep en met hom praat, en indien hy daarby staan en sê: 'Dit geval my nie om haar te neem nie,'

⁹ dan moet sy skoonsuster voor die oë van die oudstes na hom toe nader kom en sy sandaal van sy voet aftrek en in sy gesig spoeg, en sy moet verklaar en sê: 'So moet met die man gedoen word wat nie die huis van sy broer wil bou nie.'

¹⁰ En sy naam moet in Jisra'ël genoem word: 'Die huis van hom wie se sandaal verwyder is.'

¹¹ "Wanneer mans met mekaar veg, die een met die ander, en die een se vrou aankom om haar man te red uit die hand van die een wat hom slaan, en haar hand uitsteek en hom aan die geslagsdele gryp,

¹² dan moet jy haar hand afkap. Jou oog mag nie verskoon nie.

¹³ "Jy mag nie verskillende weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie.

¹⁴ "Jy mag in jou huis nie twee soorte ēfas, 'n grote en 'n kleintjie, hê nie.

¹⁵ "Jy moet 'n volle en regte weegsteen hê. Jy moet 'n volle en regte ēfa hê, sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה jou Elohim jou sal gee.

D'BARIM 26

¹⁶ "Want almal wat hierdie dinge doen, is 'n gruwel vir יהוה jou Elohim – almal wat onreg doen.

¹⁷ "Onthou wat Amalĕk op die pad met julle uittog uit Mitsrajim aan jou gedoen het,

¹⁸ hoe hy jou op die pad teëgekome het en by jou die agterhoede, al die swakke agter jou, verslaan het terwyl jy moeg en uitgeput was, en hy Elohim nie gevrees het nie.

¹⁹ "Wanneer יהוה jou Elohim dan vir jou rus gee van al jou vyande rondom, in die land wat יהוה jou Elohim jou as erfenis sal gee om in besit te neem, dan moet jy die gedagtenis van Amalĕk onder die hemel uitdelg. Moenie vergeet nie.

26 "En wanneer jy in die land kom wat יהוה jou Elohim jou as erfenis sal gee en jy dit in besit neem en daarin woon,

² dan moet jy uit die eerstelinge van al die vrugte van die land wat jy inbring neem uit jou land wat יהוה jou Elohim jou sal gee, en dit in 'n mandjie sit. En jy moet na die plek gaan wat יהוה jou Elohim sal kies om Sy Naam daar te laat woon.

³ "En jy moet na die priester gaan wat in daardie dae daar sal wees, en jy moet vir hom sê: 'Ek verklaar vandag aan יהוה u Elohim dat ek in die land gekom het wat יהוה aan ons vaders gesweer het om aan ons te gee.'

⁴ "En die priester moet die mandjie uit jou hand neem en dit voor die altaar van יהוה jou Elohim neersit.

⁵ "En jy moet voor יהוה jou Elohim verklaar en sê: 'My vader was 'n swerwende Arami en het na Mitsrajim afgetrek en daar as vreemdeling vertoef met min mense, maar hy het daar 'n groot, magtige en talryke nasie geword.

⁶ 'Maar die Mitsrim het ons mishandel en ons verdruk en harde werk op ons gelê.

⁷ 'En ons het יהוה, die Elohim van ons vaders, aangeroept, en יהוה het ons stem gehoor en ons ellende en ons moeite en ons verdrukking gesien.

⁸ En יהוה het ons uit Mitsrajim gebring

deur 'n sterk hand en 'n uitgestrekte arm en deur groot skrikwekkende daade en deur tekens en wonders.

⁹ En Hy het ons na hierdie plek gebring en ons hierdie land gegee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

¹⁰ 'En nou, kyk, ek het die eerstelinge van die vrugte van die land wat U, יהוה, my gegee het, gebring.' En jy moet dit voor יהוה jou Elohim neersit en jou voor יהוה jou Elohim neerbuig.

¹¹ "En jy moet vrolik wees oor al die goeie dinge wat יהוה jou Elohim jou en jou huis gegee het. Jy en die Lĕwi en die vreemdeling wat by jou is.

¹² "Wanneer jy al die tiendes van jou opbrengs klaar eenkant gesit het in die derde jaar, die jaar van die tiendes, dan moet jy aan die Lĕwi, die vreemdeling, die vaderlose en die weduwee gee, dat hulle in jou poorte kan eet en versadig word.

¹³ "En jy moet voor יהוה jou Elohim sê: 'Ek het die afgesonderde goed uit die huis weggebring en dit ook aan die Lĕwi en die vreemdeling, die vaderlose en die weduwee gegee, geheel en al volgens U bevel wat U my beveel het. Ek het geen- een van U bevele oortree of vergeet nie.

¹⁴ 'Ek het nie daarvan in rou geëet en as 'n onreine niks daarvan weggebring of daarvan aan 'n dooie niks gegee nie. Ek het na die stem van יהוה my Elohim geluister. Ek het gedoen net soos U my beveel het.

¹⁵ 'Kyk uit U afgesonderde woning neer, uit die hemele, en seën U volk Jisra'el en die land wat U ons gegee het, soos U aan ons vaders gesweer het, 'n land wat oorloop van melk en heuning.'

¹⁶ "Vandag beveel יהוה jou Elohim jou om hierdie wette en regsreelings te doen. En jy moet dit bewaar en dit doen met jou hele hart en met jou hele wese.

¹⁷ "Vandag het jy יהוה laat verklaar dat Hy jou Elohim sal wees, en dat jy in Sy weë moet wandel en Sy wette en Sy bevele en Sy regsreelings moet bewaar en na Sy stem moet luister.

¹⁸ "En יהוה het jou vandag laat verklaar dat jy Sy volk sal wees, waardevol, soos Hy jou beloof het, en dat jy al Sy bevele sal onderhou,

¹⁹ en dat Hy jou dan die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en aansien, en dat jy 'n afgesonderde volk aan יהוה jou Elohim sal wees soos Hy beloof het."

27 En Moshe het saam met die oudstes van Jisra'ël die volk beveel en gesê: "Bewaar al die bevele wat ek julle vandag beveel.

² "En die dag wanneer julle deur die Jardĕn gaan in die land wat יהוה jou Elohim jou sal gee, moet jy vir jou groot klippe oprig en dit pleister met pleister.

³ "En jy moet wanneer jy oortrek daarop al die woorde van hierdie Tora skryf, sodat jy kan kom in die land wat יהוה jou Elohim jou sal gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning, soos יהוה, die Elohim van jou vaders, jou beloof het.

⁴ "Wanneer julle dan deur die Jardĕn trek, moet julle hierdie klippe waarvan ek julle vandag beveel, op die berg Ēbal oprig, en jy moet dit pleister met pleister.

⁵ "En jy moet daar vir יהוה jou Elohim 'n altaar bou, 'n altaar van klippe. Jy mag met geen yster daaraan kap nie.

⁶ "Van ongekapte klippe moet jy die altaar van יהוה jou Elohim bou, en jy moet daarop brandoffers aan יהוה jou Elohim laat opgaan.

⁷ "En jy moet dankoffers slag en daar eet en vrolik wees voor יהוה jou Elohim.

⁸ "En jy moet op die klippe baie duidelik al die woorde van hierdie Tora skryf."

⁹ En Moshe en die priesters, die Lĕwiiim het met die hele Jisra'ël gepraat en gesê: "Wees stil en luister, Jisra'ël! Vandag het jy die volk van יהוה geword.

¹⁰ "En jy moet na die stem van יהוה jou Elohim luister en Sy bevele en Sy wette uitvoer wat ek jou vandag beveel."

¹¹ En Moshe het die volk op daardie dag beveel en gesê:

¹² "Hierdie stamme moet staan om die volk te seën op die berg Ġerizim wanneer

julle deur die Jardĕn getrek het: Shim'on en Lĕwi en Jahuda en Jissaskar en Josĕf en Binjamin.

¹³ "En hierdie moet staan om te vervloek op die berg Ēbal: R'ubĕn, Ġad en Ashĕr en Zĕbulun, Dan en Năftali.

¹⁴ "En die Lĕwiiim moet verklaar en aan al die mans van Jisra'ël hardop sê:

¹⁵ 'Vervloek is die man wat 'n gesnede of gegote beeld maak, 'n gruwel vir יהוה, werk van 'n ambagsman se hande, en dit in die geheim opstel,' en die hele volk moet antwoord en sê: 'Ōmĕn!'

¹⁶ 'Vervloek is hy wat sy vader of sy moeder verag,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

¹⁷ 'Vervloek is hy wat sy naaste se grenslyn verlê,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

¹⁸ 'Vervloek is hy wat 'n blinde op die dwaalweg lei,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

¹⁹ 'Vervloek is hy wat die reg van vreemde deling, vaderlose en weduwee verdraai,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

²⁰ 'Vervloek is hy wat by die vrou van sy vader lê, want hy het die laken van sy vader opgelig,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

²¹ 'Vervloek is hy wat by enige dier lê,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

²² 'Vervloek is hy wat by sy suster, die dogter van sy vader of die dogter van sy moeder, lê,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

²³ 'Vervloek is hy wat by sy skoonmoeder lê,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

²⁴ 'Vervloek is hy wat sy naaste in die geheim doodslaan,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

²⁵ 'Vervloek is hy wat 'n omkoopgeskenk aanneem om 'n persoon – onskuldige bloed – dood te slaan,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

²⁶ 'Vervloek is hy wat die woorde van hierdie Tora nie bevestig om dit te doen nie,' en die hele volk moet sê: 'Ōmĕn!'

28 "Indien jy dan goed na die stem van יהוה jou Elohim luister om al Sy bevele

D'BARIM 28

wat ek jou vandag beveel sorgvuldig te hou, dan sal יהוה jou Elohim jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.

² "En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal indien jy na die stem van יהוה jou Elohim luister.

³ "Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.

⁴ "Geseënd sal die vrug van jou liggaam wees en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

⁵ "Geseënd sal jou mandjie wees en jou baksommel.

⁶ "Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.

⁷ "יהוה sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word. Op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.

⁸ "יהוה sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waaraan jy jou hand slaan, en Hy sal jou seën in die land wat יהוה jou Elohim jou sal gee.

⁹ "יהוה bevestig jou vir Hom as afgesonderde volk soos Hy dit vir jou gesweer het, indien jy die bevele van יהוה jou Elohim bewaar en in Sy weë wandel.

¹⁰ "En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van יהוה oor jou uitgeroep is, en hulle sal jou vrees.

¹¹ "En יהוה sal die goeie aan jou in oorvloed gee, in die vrug van jou liggaam, in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat יהוה aan jou vaders gesweer het om aan jou te gee.

¹² "יהוה sal Sy goeie skatkamer, die hemele, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën. En jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

¹³ "En יהוה sal jou die kop en nie die stert maak nie. En jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie, indien jy na die bevele van יהוה jou Elohim luister wat ek jou vandag beveel om te bewaar en te doen.

¹⁴ "En jy moenie wegdraai van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander elohim aan te loop om hulle te dien nie.

¹⁵ "Maar indien jy nie na die stem van יהוה jou Elohim luister, om sorgvuldig al Sy bevele en Sy wette wat ek jou vandag beveel te bewaar nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.

¹⁶ "Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld.

¹⁷ "Vervloek sal jou mandjie wees en jou baksommel.

¹⁸ "Vervloek sal die vrug van jou liggaam wees en die vrugte van jou land, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

¹⁹ "Vervloek sal jy wees by jou ingang, en vervloek sal jy wees by jou uitgang.

²⁰ "יהוה sal teen jou die vervloeking stuur, die verwarring en die bedreiging in alles waaraan jy jou hand slaan, wat jy moet doen, totdat jy vernietig is en totdat jy gou tot niet gaan weens die boosheid van jou handelinge, dat jy My verlaat het.

²¹ "יהוה sal maak dat die pes aan jou kleef totdat Hy jou vernietig uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

²² "יהוה sal jou swaar tref met tering en koors en vurige koors en ontsteking en droogte en brandkoring en heuningdoud, en hulle sal jou vervolg totdat jy opkom.

²³ "En jou hemele wat bo jou kop is, sal koper, en die aarde wat onder jou is,yster wees.

²⁴ "יהוה sal die reën van jou land poeier en stof maak, van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy vernietig is.

²⁵ "יהוה sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word. Op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor hom uit vlug – en jy sal 'n skrikbeeld vir al die koninkryke van die aarde word.

²⁶ "En jou lyke sal voedsel wees vir al die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde sonder dat iemand hulle skrikmaak.

D'BARIM 28

²⁷ "יהוה sal jou swaar tref met swere van Mitsrajim en met gewasse en skurfte en uitslag waarvan jy nie gesond kan word nie.

²⁸ "יהוה sal jou slaan met malheid en blindheid en sinsverwarring,

²⁹ sodat jy op die middag sal rondtas soos die blinde in die donker rondtas, en in jou weë sal jy geen voorspoed hê nie, maar jy sal altyddeur net verdruk en be-roof wees en niemand om te red nie.

³⁰ "Jy sal jou met 'n vrou verloof, maar 'n ander man sal by haar lê. Jy sal 'n huis bou, maar nie daarin woon nie, 'n wingerd plant, maar dit nie in gebruik neem nie.

³¹ "Jou bees word voor jou oë geslag, maar jy sal nie daarvan eet nie. Jou donkie word voor jou weggeroof en sal nie na jou terugkom nie. Jou kleinvee word aan jou vyande gegee en niemand om jou te red nie.

³² "Jou seuns en jou dogters word aan 'n ander volk gegee, en jou oë sal kyk en die hele dag na hulle smag maar daar is geen krag in jou hand nie.

³³ "Die vrugte van jou land en al jou werk sal 'n volk eet wat jy nie ken nie, en jy sal altyddeur net verdruk en verpletter word.

³⁴ "En jy sal mal word weens die gesig wat jou oë sal sien.

³⁵ "יהוה sal jou tref met bose swere aan die knieë en aan die bene, waarvan jy nie gesond kan word nie, van jou voetsool tot jou skedel.

³⁶ "יהוה sal jou en jou koning wat jy oor jou sal aanstel, na 'n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie geken het nie, en daar sal jy ander elohim, hout en klip, dien.

³⁷ "En jy sal 'n verbasing, 'n spreekwoord en 'n spot wees tussen al die volke waarheen יהוה jou sal wegvoer.

³⁸ "Jy sal baie saad op die land uitbring, maar min insamel, want die sprinkaan sal dit afeet.

³⁹ "Jy sal wingerde plant en bewerk maar geen wyn drink of wegbêre nie, want die wurm sal dit opeet.

⁴⁰ "Jy sal olyfbome in jou hele grondgebied hê, maar jy sal jou nie met olie salf nie, want jou olywe sal afval.

⁴¹ "Jy sal seuns en dogters verwek, maar hulle sal nie vir jou wees nie, want hulle sal in gevangenskap gaan.

⁴² "Die sprinkaan sal al jou bome en die vrugte van jou land in besit neem.

⁴³ "Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim, en jy sal laer en laer afsak.

⁴⁴ "Hy sal aan jou leen, maar jy sal nie aan hom leen nie, hy sal die kop en jy die stert wees.

⁴⁵ "En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy vernietig is, omdat jy nie na die stem van יהוה jou Elohim geluister het om Sy bevelen en Sy wette wat Hy jou beveel het, te bewaar nie.

⁴⁶ "En hulle sal vir jou 'n teken en 'n wonder wees, en vir jou saad tot in ewigheid.

⁴⁷ "Omdat jy יהוה jou Elohim nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie,

⁴⁸ sal jy jou vyand dien wat יהוה teen jou sal stuur, in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles. En hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou vernietig het.

⁴⁹ "יהוה sal 'n nasie van ver teen jou bring, van die einde van die aarde af, soos 'n arend vlieg, 'n nasie wie se taal jy nie verstaan nie,

⁵⁰ 'n nasie met 'n wrede gesig, wat 'n grysaard nie ontsien en geen guns vir 'n seun bewys nie.

⁵¹ "En hulle sal die vrug van jou vee en die vrugte van jou land opeet totdat jy vernietig is, wat vir jou geen koring, mos of olie, aanteel van jou beeste of aanteel van jou kleinvee sal laat oorbly totdat hulle jou tot niet gemaak het nie.

⁵² "En hulle sal jou beleër in al jou poorte totdat jou hoë en versterkte mure val waarop jy in jou hele land vertrou het. Ja, hulle sal jou beleër in al jou poorte in jou hele land wat יהוה jou Elohim jou gegee het.

⁵³ "En jy sal die vrug van jou liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat יהוה jou Elohim jou gegee het, in die beleëring en die benoudheid waarmee jou vyand jou benoud sal maak.

⁵⁴ "Die sagmoedige en baie fyngvoelige man by jou, sy oog sal sy broer en die vrou wat hy liefhet, en sy orige kinders wat hy nog behou het, boos aankyk,

⁵⁵ sodat hy aan geeneen van hulle iets sal gee van die vleis van sy kinders wat hy eet nie, omdat daar vir hom niks anders oorgelaat is in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou poorte benoud sal maak nie.

⁵⁶ "Die sagmoedige en fyngvoelige vrou by jou wat van fyngvoeligheid en sagtheid nooit probeer het om haar voetsool op die grond neer te sit nie, haar oog sal die man wat sy liefhet en haar seun en haar dogter boos aankyk,

⁵⁷ ook haar nageboorte wat tussen haar voete uitgaan, en haar kinders wat sy sal baar, want sy sal dit stillertjies eet by gebrek aan alles in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou poorte benoud sal maak.

⁵⁸ "Indien jy nie verseker om al die woorde van hierdie Tora te doen wat in hierdie boek geskryf is, om hierdie glansryke en gedugte Naam, יהוה jou Elohim, te vrees nie,

⁵⁹ dan sal יהוה oor jou en oor jou saad buitengewone plaë bring, groot en aanhoudende plaë, en kwaadaardige en aanhoudende siektes,

⁶⁰ en Hy sal al die kwale van Mitsrajim weer op jou bring waarvoor jy bang was, sodat hulle jou aankleef.

⁶¹ "Ook allerhande siektes en allerhande plaë wat nie in die boek van hierdie Tora geskryf is nie, sal יהוה teen jou laat opkom totdat jy vernietig is.

⁶² "En julle sal met min mense oorbly, in plaas dat julle was soos die sterre van die hemele in menigte, omdat jy nie na die stem van יהוה jou Elohim geluister het nie.

⁶³ "En soos יהוה oor julle bly was om aan

julle goed te doen en julle te vermeerder, so sal יהוה oor julle bly wees om julle tot niet te maak en julle te vernietig. En julle sal uitgeruk word uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

⁶⁴ "En יהוה sal jou verstrooi tussen al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde, en daar sal jy ander elohim dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie, hout en klip.

⁶⁵ "En tussen daardie nasies sal jy geen rus hê nie, en vir jou voetsool sal daar geen rusplek wees nie, maar יהוה sal jou daar 'n bewende hart gee en smagtende oë en 'n kwynende wese.

⁶⁶ "En jou lewe sal voor jou aan 'n draad hang, en jy sal nag en dag vrees en nie seker van jou lewe wees nie.

⁶⁷ "In die môre sal jy sê: 'Ag, was dit maar aand!' En in die aand sal jy sê: 'Ag, was dit maar môre!' – weens die vrees van jou hart wat jou sal aangryp, en weens die gesig wat jou oë sal sien.

⁶⁸ "En יהוה sal jou op skepe na Mitsrajim terugbring, op die pad waarvan ek vir jou gesê het: 'Jy sal dit verder nie weer sien nie.' En daar sal julle aan jul vyande as slawe en slavinne verkoop word, maar daar sal geen koper wees nie."

29 Dit is die woorde van die verbond wat יהוה Moshe beveel het om met die kinders van Jisra'ël te sluit in die land Moab, behalwe die verbond wat Hy met hulle by Horëb gesluit het.

² En Moshe het die hele Jisra'ël geroep en vir hulle gesê: "Julle het self alles gesien wat יהוה in die land van Mitsrajim voor julle oë aan Par'o en aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het,

³ die groot versoeking wat jou oë gesien het, daardie groot tekens en wonders.

⁴ "Maar יהוה het julle nie 'n hart gegee om te verstaan en oë om te sien en ore om te hoor tot vandag toe nie.

⁵ "En Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn laat trek. Julle klere het nie aan julle verslyt nie, en jou skoene het nie aan jou voet verslyt nie.

D'BARIM 29

⁶ "Julle het nie brood geëet en wyn of sterk drank gedrink nie, dat julle kan weet dat Ek יהוה julle Elohim is.

⁷ "En toe julle by hierdie plek kom, het Sihon, die koning van Heshbon, en Og, die koning van Bashan, ons tegemoet getrek om te veg, maar ons het hulle verslaan

⁸ en hulle land ingeneem en dit as erfenis aan die R'ubēnim en Gādīm en aan die halwe stam van Manashe gegee.

⁹ "Daarom, bewaar die woorde van hierdie verbond en voer dit uit, sodat julle voorspoedig kan wees in alles wat julle doen.

¹⁰ "Julle staan vandag almal voor יהוה julle Elohim: julle leiers, julle stamme, julle oudstes en julle opsigters – al die mans van Jisra'ël,

¹¹ julle kinders, julle vrouens en jou vreemdeling wat binne-in jou kamp is, jou houtkapper sowel as jou waterputter,

¹² om oor te gaan in die verbond van יהוה jou Elohim, en in Sy eed, wat יהוה jou Elohim vandag met jou sluit,

¹³ sodat Hy jou vandag vir Hom as volk kan bevestig en jou Elohim kan wees soos Hy jou beloof het, en soos Hy aan jou vaders Abraham, Jitsħak en Jaakob gesweer het.

¹⁴ "En nie met julle alleen maak ek hierdie verbond en hierdie eed nie,

¹⁵ maar met die wat vandag hier saam met ons voor יהוה ons Elohim staan, én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie.

¹⁶ "Want julle weet self hoe ons in die land van Mitsrajim gewoon en hoe ons dwarsdeur die nasies getrek het waardeer julle getrek het.

¹⁷ "En julle het hulle gruwels en hulle idole, hout en klip, silwer en goud, by hulle gesien,

¹⁸ sodat daar tussen julle geen man of vrou of familie of stam mag wees wat sy hart vandag van יהוה ons Elohim wegdraai om die elohim van daardie nasies te gaan dien nie, sodat daar tussen julle geen wortel mag wees wat gif en wilde-

als dra nie,

¹⁹ en wanneer hy die woorde van hierdie vloek hoor, homself dan in sy hart seën deur te sê: 'Dit sal met my goed gaan alhoewel ek in die hardheid van my hart wandel,' om so dronkenskap by dors te voeg!

²⁰ "יהוה sal hom nie wil vergewe nie, maar dan sal die toorn van יהוה en Sy ywer teen daardie man rook, en die hele vloek wat in hierdie boek geskryf is, sal op hom rus, en יהוה sal sy naam onder die hemel uitdelg.

²¹ "En יהוה sal hom tot sy teespoed van al die stamme van Jisra'ël afskei volgens al die vloeke van die verbond wat in hierdie Boek van die Tora geskryf is.

²² "En die volgende geslag, julle kinders wat ná julle opstaan, en die uitlander wat uit 'n ver land kom, sal sê, wanneer hulle die plaes van daardie land sien en sy siektes wat יהוה daarin laat uitbreek het:

²³ 'Die hele land is swael en sout en uitgebrand, dit word nie besaai en niks spruit uit nie, waarin geen plante opstaan nie, soos die omkering van Sedom en Amorra, Adma en Tsaḅojim wat יהוה in Sy toorn en in Sy grimmigheid omgekeer het.'

²⁴ "En al die nasies sal sê: 'Waarom het יהוה so met hierdie land gedoen? Wat beteken hierdie groot toorn gloed?'

²⁵ "En hulle sal sê: 'Omdat hulle die verbond van יהוה, die Elohim van hulle vaders, verlaat het wat Hy met hulle gesluit het toe hulle deur Hom uit die land van Mitsrajim gebring is,

²⁶ en hulle ander elohim gaan dien en hulle daarvoor neergebuig het, elohim wat aan hulle nie bekend was nie, en wat Hy hulle nie gegee het nie,

²⁷ daarom het die toorn van יהוה teen daardie land ontvlam om daarvoor die hele vloek te bring wat in hierdie boek geskryf is.

²⁸ 'En יהוה het hulle uit hulle land geruk in toorn en in grimmigheid en in groot verontwaardiging, en Hy het hulle weggeslinger na 'n ander land, soos dit van-

dag is.'

²⁹ "Die verborge dinge is vir יהוה ons Elohim, maar die openbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie Tora.

30 "En wanneer al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem tussen al die nasies waarheen יהוה jou Elohim jou verdryf het,

² en jy terugdraai na יהוה jou Elohim en na Sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele wese,

³ dan sal יהוה jou Elohim jou ballingskap verander en Hom oor jou ontferm. En Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen יהוה jou Elohim jou verstrooi het.

⁴ "Al was jou verstrooides aan die einde van die hemele, sal יהוה jou Elohim jou van daar versamel, en sal Hy jou van daar gaan haal.

⁵ "En יהוה jou Elohim sal jou in die land bring wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem. En Hy sal aan jou goed doen en jou vermeerder, meer as jou vaders.

⁶ "En יהוה jou Elohim sal jou hart besny en die hart van jou saad, om יהוה jou Elohim lief te hê met jou hele hart en met jou hele wese, sodat jy kan lewe.

⁷ "En יהוה jou Elohim sal al hierdie vloeke op jou vyande en op jou haters lê wat jou vervolg het.

⁸ "Maar jy sal weer na die stem van יהוה luister en al Sy bevele doen wat ek jou vandag beveel.

⁹ "En יהוה jou Elohim sal die goeie aan jou oorvloedig gee in al die werk van jou hand, in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, want יהוה sal weer oor jou ten goede bly wees soos Hy oor jou vaders bly was,

¹⁰ indien jy na die stem van יהוה jou Elohim luister om Sy bevele en Sy wette te bewaar wat in hierdie Boek van die Tora geskryf is, indien jy terugdraai na

יהוה jou Elohim met jou hele hart en met jou hele wese.

¹¹ "Want hierdie bevel wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te moeilik nie en is nie ver nie.

¹² "Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die hemel opklim en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen?'

¹³ "Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen?'

¹⁴ "Maar die woord is baie naby jou, in jou mond en in jou hart, om dit te doen.

¹⁵ "Kyk, ek het vandag voor jou lewe en voorspoed gehou, en dood en teëspoed.

¹⁶ "Wat ek jou vandag beveel, is om יהוה jou Elohim lief te hê, in Sy weë te wandel en Sy bevele en Sy wette en Sy regsreëlings te bewaar, sodat jy kan lewe en vermeerder en יהוה jou Elohim jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

¹⁷ "Maar indien jou hart hom wegdraai en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander elohim neerbuig en hulle dien,

¹⁸ dan verkondig ek vandag aan julle dat julle verseker sal omkom. Julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jardēn trek om dit in besit te gaan neem nie.

¹⁹ "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle: lewe en dood, die seën en die vloek het ek voor jou gehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou saad,

²⁰ deur יהוה jou Elohim lief te hê, na Sy stem te luister en Hom aan te hang, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Abraham, Jitsḥak en Jaākob gesweer het om aan hulle te gee."

31 En Moshe het gegaan en die hele Jisra'el met hierdie woorde toegespreek

² en vir hulle gesê: "Ek is vandag

D'BARIM 31

honderd-en-twintig jaar oud. Ek kan nie meer uitgaan en inkom nie, en יהוה het vir my gesê: 'Jy mag nie deur hierdie Jardĕn gaan nie.'

³ "En יהוה jou Elohim, Hy trek voor jou oor. Hy sal hierdie nasies voor jou vernietig, en jy sal hulle onteien. Jahoshua, hy trek voor jou oor soos יהוה gesê het.

⁴ "En יהוה sal met hulle doen soos Hy met Sihon en met Og, die konings van die Amorim, en met hulle land gedoen het, wat Hy vernietig het.

⁵ "En יהוה sal hulle aan julle oorgee, en julle moet met hulle doen volgens die hele bevel wat ek julle beveel het.

⁶ "Wees sterk en moedig. Moenie vrees nie, moenie vir hulle skrik nie, want dit is יהוה jou Elohim wat saam met jou trek. Hy sal jou nie in die steek of alleen laat nie."

⁷ En Moshe het Jahoshua geroep en aan hom voor die oë van die hele Jisra'el gesê: "Wees sterk en moedig, want jy sal met hierdie volk die land ingaan wat יהוה aan hulle vaders gesweer het om aan hulle te gee, en jy sal hulle dit laat erf.

⁸ "En dit is יהוה wat voor jou uit trek. Hy sal met jou wees. Hy sal jou nie in die steek of alleen laat nie. Jy moenie bang of verbouereerd wees nie."

⁹ En Moshe het hierdie Tora opgeskryf en dit aan die priesters gegee, die seuns van Lĕwi, wat die verbondsark van יהוה gedra het, en aan al die oudstes van Jisra'el.

¹⁰ En Moshe het hulle beveel en gesê: "Aan die einde van sewe jaar, op die vasgestelde tyd van die jaar van kwytskelding, op die Fees van Shaĕuot,

¹¹ wanneer die hele Jisra'el kom om voor יהוה jou Elohim te verskyn op die plek wat Hy sal kies, moet jy hierdie Tora voor die ore van die hele Jisra'el lees.

¹² "Laat die volk byeenkom, die mans en die vrouens en die kinders en jou vreemde-deling wat in jou poorte is, dat hulle kan hoor en dat hulle kan leer om יהוה julle Elohim te vrees en verseker om al die woorde van hierdie Tora te doen.

¹³ "En hulle kinders wat dit nie ken nie, moet hoor en leer om יהוה julle Elohim te vrees al die dae wat julle lewe in die land waarheen julle deur die Jardĕn trek om in besit te neem."

¹⁴ En יהוה het vir Moshe gesê: "Kyk, jou dae kom nader dat jy moet sterf. Roep Jahoshua, en gaan staan julle in die tent van ontmoeting, dat Ek hom kan beveel". En Moshe en Jahoshua het gegaan en in die tent van ontmoeting gaan staan.

¹⁵ En יהוה het in die tent in 'n wolkolom verskyn en die wolkolom het bo die opening van die tent bly staan.

¹⁶ En יהוה het vir Moshe gesê: "Kyk, jy gaan by jou vaders lê, en hierdie volk sal opstaan, en hulle sal agter die vreemde elohim van die land waarheen hulle gaan, in sy midde aan hoereer en My verlaat en My verbond verbreek wat Ek met hulle gemaak het.

¹⁷ "Dan sal My toorn op daardie dag teen hulle ontvlam, en Ek sal hulle verlaat en My gesig vir hulle verberg, sodat hulle verteer word en baie teëspoed en moeilikheid oor hulle kom. En hulle sal op daardie dag sê: 'Het hierdie teëspoed nie oor ons gekom, omdat ons Elohim nie by ons is nie?'

¹⁸ "En Ek sal My gesig op daardie dag beslis verberg weens al die boosheid wat hulle gedoen het, want hulle het na ander elohim gedraai.

¹⁹ "Skryf dan nou hierdie lied vir julle op, en leer dit aan die kinders van Jisra'el. Lê dit in hulle mond, dat hierdie lied vir My 'n getuie teen die kinders van Jisra'el kan wees.

²⁰ "Want wanneer Ek hulle in die land wat Ek aan hulle vaders gesweer het, wat oorloop van melk en heuning gebring het, en hulle sal eet en versadig en vet word, dan sal hulle na ander elohim draai en daardie dien, en hulle sal My verag en My verbond verbreek.

²¹ En wanneer baie teëspoed en moeilikheid oor hulle kom, dan sal hierdie lied voor hulle as getuie antwoord. Want dit sal nie uit die mond van hulle saad ver-

D'BARIM 32

geet wees nie, want Ek ken hulle gedagtes wat hulle vandag koester voordat Ek hulle in die land bring wat Ek gesweer het."

²² En Moshe het hierdie lied op daardie dag opgeskryf en dit aan die kinders van Jisra'el geleer.

²³ En Hy het Jahoshua, die seun van Nun, beveel en gesê: "Wees sterk en moedig, want jy sal die kinders van Jisra'el in die land bring wat Ek vir hulle gesweer het, en Ek sal met jou wees."

²⁴ En toe Moshe die woorde van hierdie Tora klaar in 'n boek geskryf het tot die einde toe,

²⁵ het Moshe die Lëwïim wat die verbondsark van יהוה gedra het, beveel en gesê:

²⁶ "Neem hierdie Boek van die Tora en sit dit neer aan die kant van die verbondsark van יהוה julle Elohim, dat dit daar as getuie teen jou kan wees.

²⁷ "Want ek ken jou opstandigheid en jou hardnekkigheid. Julle was terwyl ek nog vandag by julle lewe, opstandig teen יהוה – hoeveel te meer dan na my dood!

²⁸ "Vergader al die oudstes van julle stamme en julle opsigters by my, dat ek voor hulle ore hierdie woorde kan sê, en teen hulle die hemele en die aarde as getuies kan neem.

²⁹ "Want ek weet dat julle na my dood beslis verderflik sal handel en sal wegdraai van die weg wat ek julle beveel het. En julle sal teespoed aan die einde van die dae teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van יהוה om Hom deur die werk van julle hande uit te tart."

³⁰ En Moshe het voor die ore van die hele vergadering van Jisra'el die woorde van hierdie lied tot die einde toe uitgespreek.

32 "Luister, hemele, dat ek kan praat, en hoor, aarde die woorde van my mond.

² "Laat my onderrig drup soos die reën, my toespraak vloei soos die dou, soos sagte reën op die gras en soos reënbuie op die plante.

³ "Want ek roep die Naam van יהוה uit:

Gee grootheid aan ons Elohim!

⁴ "Die Rots! Sy werk is volmaak, want al Sy weë is reg, 'n Ęl van trou en sonder onreg, regverdig en reg is Hy.

⁵ "n Verkeerde en verdraaide geslag het verderflik gehandel,

hulle skandvlek, hulle is nie Sy seuns nie.

⁶ "Doen julle dit aan יהוה, dwase en onwyse volk?

Is Hy nie jou Vader wat jou gekoop het nie,

wat jou geskep en jou opgerig het nie?

⁷ "Dink aan die dae van die ou tyd, let op die jare, van geslag tot geslag, vra jou vader, dat hy jou wys, die ou mense, dat hulle jou sê.

⁸ "Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het,

toe Hy die seuns van Adam geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Jisra'el.

⁹ "Want יהוה se deel is Sy volk,

Jaäkoḅ is Sy afgemete erfdeel.

¹⁰ "Hy het hom in 'n woestynland gevind en in 'n woeste, huilende wildernis, Hy het hom omring,

op hom ag gegee, hom beskerm soos Sy oogappel."⁷

¹¹ "Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels.

¹² "Hy alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde Ęl by hom nie.

¹³ "Hy het hom op die hoogtes van die aarde laat ry, en hy het die opbrengs van die veld geëet,

en Hy het hom heuning uit die rots laat suig

en olie uit die klipharde rots,

¹⁴ dikmelk van beeste en melk van kleinvee, met die vet van lammers,

ⁿ Zag 2:8

D'BARIM 32

en ramme van Bashan se ras
en bokke met die niervet van koring,
en jy het wyn gedrink, die bloed van
druive.

¹⁵ "Maar Jeshurun het vet geword en
geskop,
jy het vet geword, dik geword,
jy is met vet bedek,
en hy het Eloah verwerp wat hom
gemaak het,
en die Rots van sy verlossing geminag.

¹⁶ "Hulle het Sy jaloesie gewek deur
vreemde elohim,
deur gruwels Hom getart.

¹⁷ "Hulle het aan die demone geslag –
nie Eloah nie –
elohim wat hulle nie geken het nie,
nuwes wat onlangs gekom het,
wat julle vaders nie gevrees het nie.

¹⁸ "Die Rots wat jou verwek het, het jy
veronagsaam,
en jy het die Ël vergeet wat jou
voortgebring het.

¹⁹ "En יהוה het dit gesien, en verag,
weens die uittarting van Sy seuns en Sy
dogters.

²⁰ "En Hy het gesê: 'Ek sal My gesig
vir hulle verberg,
Ek sal sien wat hulle einde sal wees,
want hulle is 'n heeltemal dwarskoppige
geslag,
kinders in wie geen trou is nie.'

²¹ "Hulle het My jaloesie gewek deur wat
nie Ël is nie,
My getart deur hulle nietighede.
Maar Ek sal hulle jaloesie wek deur die
wat nie 'n volk is nie,
deur 'n dwase nasie sal Ek hulle tart.

²² "Want 'n vuur is in My toorn
aangesteek
en brand tot in die bodem van
Sheöl,^o
en dit verteer die aarde met sy opbrengs
en steek die fondamente van die berge
aan die brand.

²³ "Ek sal teespoede op hulle ophoop,
My pyle sal Ek op hulle wegskiet.

^o doderyk

²⁴ "Uitgeput van honger,
en verteer deur brandende vlamme en
dodelike siekte,
en Ek sal die tande van wilde diere teen
hulle loslaat

met die gif van slange van die stof.

²⁵ "Buitekant sal die swaard beroof,
en in die binnekamers die vrees,
die jongman sowel as die jongmeisie,
die suigling saam met die grysaard.

²⁶ "Ek sou wou sê: 'Ek wil hulle wegblaas,
hulle gedagtenis tussen die mense
uitroei,

²⁷ indien Ek nie die uittarting van die
vyand gevrees het nie.

Dat hulle teëstanders dit sou misverstaan
en sê: "Ons hand was hoog,
en יהוה het dit nie alles gedoen nie."

²⁸ "Want hulle is 'n nasie sonder raad,
en daar is geen insig in hulle nie.

²⁹ "Was hulle wys,

hulle sou dit insien,
hulle sou op hulle einde let!

³⁰ "Hoe kan een dan duisend agtervolg
en twee tien duisend op die vlug jaag,
was dit nie dat hul Rots hulle verkoop
en יהוה hulle oorgelewer het nie?

³¹ "Want hulle rots is nie soos ons Rots
nie – selfs ons vyande is regters!

³² "Want hulle wingerdstok is uit die
wingerdstok van Sedom
en uit die wingerde van Amorra.

Hulle druive is giftige druive,
hulle dra bitter trosse.

³³ "Hulle wyn is slanggif en wrede
addergif.

³⁴ 'Is dit nie by My opgegaan,
in My skatkamers verseël nie?

³⁵ 'Die wraak en die vergelding kom My
toe,

op die tyd dat hulle voet sal wankel,
want die dag van hulle ondergang is
naby,

en wat oor hulle beskik is, kom gou.'

³⁶ "Want יהוה sal aan Sy volk reg verskaf,
en Hy sal Hom ontferm oor Sy dienaars
wanneer Hy sien dat hulle krag weg is
en niemand is oor nie, ingehok of alleen.

³⁷ "Dan sal Hy sê: 'Waar is hulle elohim,

D'BARIM 33

die rots waarin hulle toevlug geneem het?

³⁸ 'Wie het die vet van hulle slagoffers geëet,

die wyn van hulle drankoffer gedrink? Laat hulle opstaan en julle help, dat dit vir julle 'n beskutting kan wees!

³⁹ 'Sien nou dat Ek, Ek is Hy en daar geen elohim buiten My nie.

Ek maak dood en Ek maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees.

En niemand red uit My hand nie.

⁴⁰ 'Want Ek lig My hand op na die hemele en sê: "Soos Ek ewig leef –

⁴¹ wanneer Ek My glinsterende swaard skerp gemaak het en My hand na die oordeel gryp, sal Ek wraak oefen op My vyande en My haters vergeld.

⁴² "Ek sal My pyle dronk maak van bloed, en My swaard sal vleis eet;

van die bloed van die verslaandes en gevangenes,

van die kop van die vyand se aanvoerders.'

⁴³ "Jubel, nasies, oor Sy volk, want Hy wreek die bloed van Sy dienaars,

en Hy oefen wraak op Sy vyande en doen versoening vir Sy land en Sy volk."

⁴⁴ En Moshe het gekom en al die woorde van hierdie lied voor die ore van die volk gesê, hy en Hoshëa, die seun van Nun.

⁴⁵ En toe Moshe met al hierdie woorde die hele Jisra'ël klaar toegesprek het,

⁴⁶ het hy vir hulle gesê: "Neem al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku ter harte, dat julle jul kinders beveel om al die woorde van hierdie Tora bewaar om te doen.

⁴⁷ "Want dit is geen waardelose woord vir julle nie, maar dit is julle lewe. En deur hierdie woord sal julle die dae verleng in die land waarheen julle deur die Jardën trek om dit in besit te neem."

⁴⁸ En יהוה het op daardie selfde dag met Moshe gepraat en gesê:

⁴⁹ "Klim op hierdie berg Abarim, die berg Nebo, wat in die land Moab is, wat teen-

oor Jerigo lê, en bekyk die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Jisra'ël as besitting sal gee,

⁵⁰ en sterf op die berg waarheen jy opklim, en word by jou volk versamel, soos jou broer Aharon gesterf het op die berg Hor en versamel is by sy volk,

⁵¹ omdat julle tussen die kinders van Jisra'ël ontrou teen My gehandel het by die water van Meriḇa Kadēsh, in die woestyn Tsin, omdat julle My nie afgesonder het tussen die kinders van Jisra'ël nie.

⁵² "Want reg voor sal jy die land sien, maar jy sal nie daar ingaan, in die land wat Ek aan die kinders van Jisra'ël sal gee nie."

33 En dit is die seën waarmee Moshe, die man van Elohim, die kinders van Jisra'ël voor sy dood geseën het.

² En hy het gesê: "יהוה het van Sinai gekom en vir hulle opgegaan vanaf Séir. Hy het geskyn vanaf die berg Paran en gekom met tien duisende afgesonderdes – aan Sy regterhand was 'n vlammeende wet vir hulle.

³ "Ja, Hy het die volke lief. Al Sy afgesonderdes – hulle is in U hand. En hulle het by U voete gesit. Elkeen ontvang van U woorde.

⁴ Moshe het ons 'n Tora beveel, 'n besitting vir die vergadering van Jaäkob.

⁵ En Hy was Koning in Jeshurun, toe die hoofde van die volk vergader het, die stamme van Jisra'ël saam.

⁶ "Laat R'ubēn lewe en nie sterf nie, en laat sy manne 'n aantal wees."

⁷ En dit vir Jahuda, en hy het gesê: "Hoor, יהוה, die stem van Jahuda, en bring hom na sy volk toe. Sy hande sal vir hom veg, en wees U vir hom 'n hulp teenoor sy vyande."

⁸ En van Lëwi het hy gesê: "U Tummim en U Urim is vir die man, U toegewyde, wie deur U beproef is in Massa,^p met wie U by die waters van Meriḇa getwis het,^q

^p Sh'm 17

^q Sh'm 17; Num 20:13

D'BARIM 34

⁹ wat van sy vader en sy moeder gesê het: 'Ek sien hom nie,' en sy broers nie erken het en van sy seuns niks geweet het nie, want hulle het U Woord bewaar en U verbond gehou.

¹⁰ "Hulle leer U regsreelings aan Jaakob en U Tora aan Jisra'ël. Hulle lê reukwerk voor U neer en 'n voloffer op U altaar.

¹¹ "יהוה", seën sy krag, en aanvaar die werk van sy hande. Verpletter die lende van die wat teen hom opstaan en hom haat, sodat hulle nie weer opstaan nie."

¹² Van Benjamin het hy gesê: "Die beminde van יהוה sal veilig by Hom woon. Hy beskerm hom die hele dag en woon tussen Sy skouers."

¹³ En van Josêf het hy gesê: "Geseënd deur יהוה is sy land met die keurigste gawe van die hemele, met dou en met die vloed wat onder lê,

¹⁴ en met die keurigste vrugte van die son en met die keurigste opbrengs van die maande,

¹⁵ en met die beste van die berge van ouds en met die keurigste van die ewige heuwels

¹⁶ en met die keurigste van die aarde en van sy volheid, en die welbehae van Hom wat in die doringbos gewoon het.' Laat dit op die kop van Josêf kom en op die kroon van hom wat afgeskei was van sy broers.

¹⁷ "Sy glans is soos 'n eersgebore bul, en sy horings is buffelhorings. Daarmee sal hy die volke stoot, die eindes van die aarde almal saam. En dit is die tien duisende van Efrajim, en dit is die duisende van Manashe!"

¹⁸ En van Zebulon het hy gesê: "Verheug jou, Zebulon, wanneer jy uitgaan, en Jissaskar, oor jou tente.

¹⁹ "Hulle roep volke na die berg, daar sal hulle offers van geregtigheid offer, want hulle sal die oorvloed van die see insuig en die verborge skatte in die sand."

²⁰ En van Ġad het hy gesê: "Geseënd is

Hy wat vir Ġad ruimte maak. Hy gaan lê soos 'n leeu en verskeur die arm, ook die kroon.

²¹ "En hy het vir hom die beste gekies, want daar was die deel van 'n wetgewer bewaar. En hy het met die hoofde van die volk gekom, hy het die geregtigheid van יהוה uitgevoer en Sy regsreelings met Jisra'ël."

²² En van Dan het hy gesê: "Dan is 'n jong leeu wat uit Bashan spring."

²³ En van Naftali het hy gesê: "Naftali, versadig van guns en vol van die seën van יהוה – neem jy die see en suide in besit!"

²⁴ En van Ashër het hy gesê: "Ashër is geseënd bo die seuns. Laat hy die gunsteling van sy broers wees, en sy voet in olie steek.

²⁵ "Jou grendels is yster en koper, en jou dae rustig.

²⁶ "Jeshurun, daar is niemand soos Ęl, wat oor die hemele ry as jou hulp, en op die wolke in Sy hoogheid.

²⁷ "Die ewige Elohim is 'n skuiling, en onder is ewige arms. En Hy het die vyand voor jou uit verdryf en gesê: 'Vernietig!'

²⁸ "So het Jisra'ël dan veilig gaan woon, die bron van Jaakob eenkant, in 'n land van koring en mos. Sy hemele laat ook dou afdrup.

²⁹ "Geseënd is jy, Jisra'ël! Wie is soos jy? 'n Volk wat deur יהוה gered is, die skild van jou hulp en wat die swaard van jou hoogheid is! En jou vyande word aan jou onderwerp, en jy sal op hulle hoogtes stap."

34 En Moshe het uit die vlaktes van Moab na die berg Nebo opgeklim, die top van Pisga wat teenoor Jerigo lê. En יהוה het hom die hele land, Ġil'ad tot Dan, laat sien,

² en die hele Naftali en die land Efrajim en Manashe en die hele land Jahuda tot by die Westelike See,

³ en die Negeb en die vlakte van die vallei van Jerigo, die palmstad, tot by Tsoar.

⁴ En יהוה het vir hom gesê: "Dit is die land wat Ek aan Abraham, Jitsħak en

^c Sh'm 3

D'BARIM 34

Jaakob gesweer het met die woorde: 'Aan jou saad sal Ek dit gee;' Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy trek nie daarheen oor nie."

⁵ En Moshe, die dienaar van יהוה, het daar gesterf in die land Moab, volgens die mond van יהוה.

⁶ En Hy het hom in die vallei in die land Moab, teenoor Bēt-Peor, begrawe, en niemand ken sy graf tot vandag toe nie.

⁷ En Moshe was honderd en-twintig jaar oud toe hy gesterf het. Sy oë was nie dof nie, en sy varsheid het nie verdwyn nie.

⁸ En die kinders van Jisra'el het vir dertig dae oor Moshe geween in die vlaktes van Moab. En die dae van die geween en van die rou oor Moshe, het ten einde gekom.

⁹ En Jahoshua, die seun van Nun, was met die gees van wysheid gevul, want Moshe het sy hande op hom gelê. En die kinders van Jisra'el het na hom geluister en gedoen soos יהוה Moshe beveel het.

¹⁰ En sederdien het daar geen profeet soos Moshe, vir wie יהוה van aangesig tot aangesig geken het, weer in Jisra'el opgestaan nie –

¹¹ wat al die tekens en die wonders betref wat יהוה hom opgedra het om in die land van Mitsrajim aan Par'o en aan al sy dienaars en sy hele land te doen,

¹² en wat die hele sterk hand en al die groot, skrikwekkende daede betref wat Moshe voor die oë van die hele Jisra'el gedoen het.